

KRYGERS VIR CHRISTUS



Almal wat die lewe van Christus ontvang, is georden om vir die redding van hulle medemens te werk. Dit is vir hierdie werk dat die kerk georganiseer is en almal wat by die kerk aansluit, word daardeur medewerkers van Christus.

KRYGERS VIR CHRISTUS

INHOUD

- | | |
|--|-------|
| 1. Inleiding | p. 3 |
| 2. Ons vyand - die wêreld | p. 14 |
| 3. 'n Toegeruste kryger | p. 26 |
| 4. Vertel wat jy weet | p. 28 |
| 5. 'n Passie vir God | p. 37 |
| 6. Trek die wapenrusting van God aan | p. 41 |
| 7. Die Kerk oorwinnend | p. 42 |
| 8. In God se weermag | p. 56 |
| 9. Aanwysings vir die jeug | p. 59 |
| 10. Soldate vir Christus | p. 61 |
| 11. Elke oorwinning maak die volgende makliker | p. 62 |
| 12. Oorwinning deur Christus | p. 63 |



Saamgestel en vertaal deur:

dr. Hans Koen

Tel: 021 872 8756 of Sel: 076 689 9246

e-pos: estellie@telkomsa.net

KRYGERS VIR CHRISTUS

INLEIDING

Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskaare. - Sagaria 4:6.

Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. - Judas 1:3.

Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. - 2 Tim. 1:7.

Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. - 1 Tim. 4:12.

Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. - Joh. 16:13.

1. Die tweeveg tussen Dawid en Goliath (1 Sam. 1:17)

Hoe sien Saul vir Goliath? As 'n reus met geweldige wapens en as voorloper van 'n magtige leër. Vir Saul gaan dit om oorlewing. Dawid sien 'n blote sterfling wat dit waag om die lewende God uit te daag. Vir Dawid gaan dit om die eer van God! Is daar dan niemand wat sy perspektief deel en iets aan die saak kan doen nie? Dit is die probleem wat Dawid se navraag blootlê.

Die tweeveg is 'n demonstrasie van die grootheid van God wat die geringste persoon tot Sy eer kan gebruik. God se werktuie is anders, maar ook Sy metodes is anders as die van mense. Die opdragte wat God gee, is meer as wat mense kan doen - God wil Sy Almag, Krag en Liefde demonstreer. Bid dat God jou 'n God-grootte taak gee.

2. Wat is God se wil vir jou lewe

God het 'n vyfvoudige verbond gemaak met hulle wat Hom liefhet en Hom soek om Hom te dien.

Eerstens: Dit is God se wil dat jy gered en verlos word van enige iets en elke ding wat sou probeer om jou te vernietig of jou verhoed om die werk wat God vir jou beplan het te doen. Dit is God se wil om jou te bevry van die strik van die vyand, om veilig te wees teen die duiwel se aanslae op jou lewe. Dit is God se wil dat jy bewaar word, geheel en al bewaar word - gees, siel en liggaam.

Tweedens: Dit is God se wil dat jy vervul word met die Heilige Gees en Sy beskerming, raad en krag elke dag van jou lewe sal ondervind. Dit is God se wil dat jou gees met Sy Gees verenig word.

Derdens: Dit is God se wil dat jy 'n eenheid moet wees. God begeer dat jy met 'n gesonde gees, siel en liggaam in harmonie funksioneer. Hy het jou so geskape.

Vierdens: Dit is God se wil dat die werk van jou hande vrugte dra en dat jou pogings vermenigvuldig word in 'n oes van beloning. God wil dat jy 'n verhoging in jou lewe sal ondervind soos jy groei van genade tot genade en van glorie tot glorie. God se weg is 'n opwaartse spiraal en nie 'n afwaartse spiraal nie. God begeer dat jy 'n oervloedige oes insamel van die goeie saad wat jy in goeie grond gesaai het.

Vyfdens: God begeer dat jy geestelike oorloë voer en wen. Dit is God se begeerte dat jy die duiwel verslaan en jou geestelike vyande oorwin. Dit is God se wil dat jy die kwade konfronteer en vernietig en sodoende nog 'n stukkie van hierdie wêreld vir God opeis.

Dit is God se wil vir jou.

Daar mag ander spesifieke dinge wees wat God net aan jou geopenbaar het wat jy moet doen. Die Bybel is vol beloftes en gebooie wat op hierdie vyf dinge dui. Jy sal dit nêrens in die Skrif vind waar God hierdie dinge vir hulle wat Hom liefhet en ernstig na Sy aangesig soek, ontsê nie.

3. Die evangelie van hoop

Geweeg teen die asemrowende krag van ons God, is die tyd van die groot verdrukking (vgl. Matteus 24) nie eens genoeg om op die skaal te registreer nie.

Hoekom neem gedagtes i.v.m. die eindtyd soveel van ons aandag in beslag? Ons moet die komende moeilikhede verstaan en daarvoor voorbereid wees, maar op geen manier moet die komende moeilikhede ons aandag of ons boodskap domineer nie. Ons voorbereiding vir die komende moeilikhede is eenvoudig - ons moet by Jesus staan. Om in Hom te bly, moet ons vir enige moeilikhede in *geloof* en nie vrees nie voorberei.

Ons weet dat die Here op die punt staan om die aarde te oordeel. Paulus het geskryf: **Let dan op die goedheid en strengheid van God** (Rom. 11:22). God is streng en genadig, en Sy oordeel sal sowel streng as genadig wees : streng teenoor hulle wat Hom weerstaan en genadig teenoor hulle wat Hom soek. Al Sy weë is perfek en selfs Sy oordele is vir verlossingsdoeleindes.

“Die hemele moet bly wees

en die aarde moet juig,
 die see en alles daarin moet druis,
 die veld en alles daarop moet jubel,
 al die bome in die bos
 moet hulle verheug
 voor die Here, want Hy kom,
 Hy kom om oor die aarde te heers.
 Hy sal oor die wêreld heers
 Met regverdigheid,
 Oor die volke met billikheid." - Ps. 96:11-13.

God se oordele moet gesoek word, nie teengestaan word nie. As ons in gehoorsaamheid leef, dan hoef ons nie te vrees vir selfs die tye van die grootste moeilikheid nie.

4. Die Glorieryke hoop

Ons boodskap is die koninkryk van God. Die boodskap wat Jesus verkondig het, was nie die evangelie van verlossing nie, alhoewel dit in sy boodskap vervat was. Sy boodskap was ook nie omtrent die Kerk nie. In al sy boodskappe het Hy slegs 'n paar kort verwysings na die kerk gemaak.

Sy boodskap was die koninkryk, en dit is die boodskap wat ons moet verkondig. Dit verminder nie die belangrikheid van ons verlossing of ontken die hoë plek van die Kerk in Sy plan nie. Alhoewel, die boodskap van die koninkryk is groter as hierdie. Groot waarhede is ingesluit in die boodskap van die koninkryk, maar hulle is nooit bedoel om dit te oorskadu nie.

Die boodskap van die koninkryk is in essensie een basiese maar allesinsluitende waarheid - Jesus is Koning! Hy regeer en Sy koninkryk sal ewigdurend wees. Wanneer Hy terugkom, sal Hy die hele skepping in harmonie bring. Nasies sal van die Rivier van die Lewe drink en die vrugte van die Boom van die Lewe eet.

Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte : elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies. Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees en Sy dienaars sal Hom dien. Hulle sal Hom sien, en Sy Naam sal op hulle voorkoppe wees. Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer. - Openb. 22:1-5.

Die ware boodskap van die koninkryk is sowel God se goedhartigheid as Sy strengheid. Hy kom om vrede te bring, maar Hy kom ook met 'n ysterstaf in die hand om die nasies te straf. Beide die Leeu en die Lam is in die koninkryk se boodskap ingesluit.

Waarheid sal oor die leuen seëvier en liefde sal oor die hele aarde heers. Daar is 'n nuwe tydvak aan die kom en dit sal glorieryker wees as enige utopia, filosofie of godsdiens wat ooit deur mense bedink is.

Ons oorwinning oor Satan en die wêreld is 'n demonstrasie van God se krag. Dit is nie die klip wat Goliat gedood het nie, maar die krag van God in die klip. Dawid se oorwinning is 'n demonstrasie van God se krag.

Die oorwinning oor die vyand behels dat ons die goddelike arsenaal van wapens wat God ons gegee het, moet gebruik. Wat is hierdie vyf wapens (vyf klippies) in ons arsenaal?

- In die Naam van Jesus
- Deur die krag van Sy vergote bloed
- Die gesag van die geskrewe Woord

- Die krag van die Heilige Gees
- Geloof in Jesus Christus, die Seun van God.

Baie gelowiges begeer vandag geestelike gawes, maar ons moet hulle "ernstig" begeer as ons hulle wil ontvang. God verklaar dat ons moet vra, soek en klop as ons wil ontvang (Matt. 7:7). Hulle wat slegs "oop" is om deur die Here gebruik te word, word selde gebruik.

'n Groot deel van die Here se plan om die duiwel te vernietig is om dit deur die Kerk te doen, soos Hy in Johannes 17:18 bevestig het. : **Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het ek hulle ook na die wêreld toe gestuur.**

Net soos Hy gekom het om die werke van die duiwel te vernietig het hy die Kerk vir dieselfde doel gestuur. As dit die doel is waarvoor ons gestuur is, is een van die wyses waaraan ons die sukses van ons roeping sou kon meet om die werke van die bose wat ons vernietig het te tel.

Paulus spreek hierdie saak in 2 Kor. 10:3-6 aan: **Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak. Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is.**

Wat is 'n vesting?

As ons ons wapens behoorlik gebruik, behoort ons in staat te wees om elke vesting van die vyand te vernietig. **Elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word**, behoort voor ons te val. Is daar 'n gemeente of selgroep of individu wat hierin wandel? Indien nie, hoekom nie?

Elke persoon kan nie elke vesting op 'n strategiese vlak konfronteer nie, maar ons moet hulle herken en uit ons kamp verdryf. Sommige mag mobiliseer om 'n spesifieke vesting te beveg, terwyl 'n groep langsaan mobiliseer om 'n ander een aan te val. Ons moet egter altyd onthou dat ons aan dieselfde kant is. Dit is nie onnatuurlik om te dink dat jou geveg die belangrikste is nie. Maar laat ons altyd die verskillende roepings en doelstellings, wat aan die verskillende gemeentes en bewegings in die liggaam van Christus gegee is, respekteer.

Om hierdie taak moontlik te maak het God in Sy wysheid en genade ons verskillende gawes gegee, soos in 1 Kor. 12:4-11 beskryf. Daar is verskillende soorte geestelike bekwaamhede, maar daar is net een Heilige Gees wat ons hierdie bekwaamhede gee. Daar is baie maniere waarop ons die Here kan dien, maar dit is dieselfde Here vir wie ons almal dien. Daar is baie maniere waarop God mense in staat stel om te werk, maar dit is dieselfde God wat al hierdie dinge in ons almal doen. Die Heilige Gees werk deur elkeen van ons, sodat Hy vir almal help. Want die Gees gee aan een mens die vermoë om verstandige raad te kan gee en aan 'n ander gee dieselfde Gees die vermoë om kennis oor te dra. Vir een mens gee die Gees 'n besondere geloof en vir 'n ander gee Hy die vermoë om siek mense gesond te maak. Hy gee vir party die krag om wonderwerke te doen, vir ander weer die vermoë om 'n boodskap van God te verkondig. Vir party gee Hy die vermoë om die verskil te ken tussen die werk van die Heilige Gees en die werk van duiwelse geeste. Vir party gee Hy die vermoë om die betekenis van 'n taal uit te lê. [Let wel: 'n taal wat êrens in die wêreld gepraat word]. Daar is net een Heilige Gees en dit is Hy wat al hierdie dinge doen. Dit is Hy wat hierdie vermoëns uitdeel en aan elkeen gee soos Hy wil.

Hierdie gawes word aan gelowiges gegee vir die lering van die Kerk - die liggaam van God. Elke gelowige het geestelike gawes gekry, maar die gawes behoort aan God wat tot Sy eer gebruik moet word.

1. Bruikbaar vir God

Ons moet bruikbaar wees in God se koninkryk. Hoe?

- Wees 'n getuie van Christen
- Wees 'n saaiër van die Woord
- Wees 'n skynende liggie
- Blaas die trompet
- Die vlam in jou hart en op jou lippe moet 'n heilige vlam in koue harte aansteek
- Gebruik die Swaard van die Gees om deur die harnas van sonde te dring, selftevreidenheid en trots weg te sny en harte te open vir die Gees van God
- Ons het voedsel vir 'n honger wêreld
- Ons het water vir dorstige siele
- Julle is die sout van die aarde (Matt. 5:13). Maak jou lewe ander dors vir die Water van die Lewe?

Die Woord van God is 'n rivier, nie 'n poel nie! Dit vloei, beweeg, gaan êrens heen. Wanneer God se Woord ophou om deur ons te vloei sal dit stagneer en poele vorm! Ons word eerstens geroep om met die Here kameraadskap te hê en met mekaar.

Die wêreld sal na Jesus toe aangetrek word wanneer hulle die onderlinge eenheid en die krag van God in ons werksaam sien.

Een belangrike les wat Israel in die woestyn moes leer, was hoe die verskillende stamme saam moes marsjeer en in eenheid funksioneer.

Dieselfde is waar ten opsigte van al die gelowiges. Ons sal nie die Beloofde Land binnegaan totdat ons geleer het om saam te marsjeer en saam te funksioneer as 'n enkele, geestelike volk nie. Daar kan verskille wees, maar die verskille moet mekaar aanvul en nie in konflik verkeer nie.

2. Wie is ons

Daar is 'n tyd vir die Kerk om 'n familie te wees en daar is 'n tyd om 'n weermag te wees. Dit vra wysheid en 'n sensitiwiteit teenoor die Gees om te weet wanneer om ons aan watter een te wy. As ons nie hierdie sensitiwiteit het nie, sal ons in die gevaar verkeer om iets tussen irrelevant tot die tye en in groot gevaar vir onself te wees.

Ons sal nooit 'n enkele geveg/stryd deur ons eie wysheid of sterkte wen nie, maar deur die krag van die Een wat in ons woon. Daarom is die hoofstrategie van geestelike oorlogvoering om nader aan die Koning te kom en in groter gehoorsaamheid aan Hom te wandel. Die mate wat ons in ware geestelike gesag wandel, word bepaal deur die mate wat die Koning in ons leef. Die koninkryk kom slegs met die teenwoordigheid van die Koning. Ons eerste roeping is om Hom as ons Vader te ken en met Hom kameraadskap te hê en 'n familie te wees, maar dit verontagsaam nie ons roeping om 'n weermag te wees en Hom as ons Kaptein te ken nie. Daar is 'n tyd vir gesamentlike maaltyd en daar is 'n tyd om die volle wapenrusting van God aan te trek en uit te marsjeer. Wysheid is om te weet wanneer om watter een te doen!!

Bo alles, ons moet veg om te wen. Dit is nie 'n speletjie nie, selfs al is die uiteindelijke oorwinning alreeds behaal. Die Here dra die verantwoordelikheid vir die hele skepping op Sy skouers, maar Hy het ons, as Sy eie bruid, die verantwoordelikheid vir baie siele gegee. Wanneer Hy terugkom, mag ons Hom dan 'n beloning aanbied wat Sy kruisiging waardig

is - menigtes uit elke taal, volk en nasie, geklee in wit klere sonder vlek, hartstogtelik in liefde met Hom.

Die Kerk is hier om die koninkryk te verkondig, sowel as om met moed en durf die vestings van die vyand te konfronteer. Ons moet die "sout van die aarde" en "die lig vir die wêreld" wees. As korrupsie en duisternis versprei, moet aangeneem word dat dit is omdat die Kerk nie doen wat sy geroep is om te doen nie. Dit is in der waarheid die geval.

As Christus weer kom, moet Hy ons besig vind om teen die vyand se vestings te veg en om sy versterkte forte te verwoes (Eseg. 9:4).

As ons vir ons erfenis veg, moet ons doen wat Josua voor die stad Ai gedoen het. **Joshua het nie sy hand met die swaard teruggetrek voordat al die inwoners van Ai uitgeroei was nie.** - Jos. 8:26. Ons moet leer om die swaard uit te steek totdat die vyand heeltemal verslaan is. Hoeveel keer het ons toegelaat dat die vyand ontsnap net om ons die volgende dag weer te beveg en dit net omdat ons, wanneer ons 'n mate van sukses behaal, ophou veg.

Openbaring 21:8 sê: **Maar daar is die lafhartiges wat My nie wil volg nie en die wat nie op My vertrou nie en die wat walglike dinge doen: daar is moordenaars en onsedelike mense, daar is dié wat hulle met toordery ophou en ander gode aanbid, en leuenaars - vir hulle almal wag daar die see wat brand met vuur en swael. Dit is die tweede dood.**

Hier word lafhartiges oor dieselfde kam geskeer as moordenaars, omdat hulle aksies dikwels tot die dood van baie lei. As ons kan help en dit nie doen nie, sal ons aan die Here verantwoordelik wees. Die Here Jesus het Sy lewe vir ander gegee en Hy roep ons om Hom met dieselfde toewyding te volg. Ons mag wegkruip en ons lewens red gedurende moeilike tye, maar

ons kan onself, wat die ewigheid betref, in die grootste gevaar stel. Lafaards het geen plek in die koninkryk van God nie. As ons nie sterkte openbaar en aksie neem nie, sal dit vanselfsprekend wees omdat ons Hom nie ken nie.

Joël 2:7-11, beskryf die weeromag van die Here so: *Hulle storm vorentoe soos dapper soldate, hulle klim oor die stadsmure. Elkeen gaan reg vorentoe, hulle verander nie van rigting nie. Die een stamp nie teen die ander nie; elkeen bly op sy pad. Hoe hulle ook sneuwel voor die verdediging, hulle raak nie van koers af nie. Hulle oorval die stad, hulle hardloop oor die mure, hulle storm die huise binne, soos diewe klim hulle deur die vensters. Die aarde skrik vir hulle, die hemel bewe; die son en die maan word donker, die sterre verloor hulle glans. Die Here laat Sy stem weerklink voor Sy leërmag uit. Sy leër is ontsaglik groot, dié wat die Here se bevel uitvoer, is sterk. Die dag van die Here is 'n groot dag, 'n verskriklike dag; wie is daarteen bestand?*

Vir ons groot taak is daar net een plek: Op julle knieë gelowiges! Op julle gesigte, kinders van God! Soek die plek van gebed, heilige voorbidders.

- 1 Joh. 2:14 : **Jongmense, ek het vir julle geskryf omdat julle innerlik so sterk is. Julle seëvier altyd in die stryd teen Satan. Boonop straal God se boodskap uit alles wat julle doen.** (vgl. 1 Tim. 4:12; 2 Tim. 2:20-26). Onthou: In die Naam van Jesus Christus is jy een van hierdie jongmense!
- 2 Kron. 16:9 : **...want die Here - sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is.** Is jy bereid om op te staan en te sê: Hier is ek, Here, stuur my; ek is tot U beskikking - laat U krag deur my werk?
- Daniël 11:32: **....die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree.**

- Hand. 13:22: **Ek het in Dawid... 'n man na my hart gevind. Hy sal al my opdragte uitvoer.** Wil jy iemand na God se hart wees? Voer dan Sy opdragte uit!
- Een kryger plus die Here is altyd die oorwinnaar
- Die leuse van die Dawidshuis is: "God by ons!" Maak ons as Christene genoeg hiervan?
- Het jou huis die stempel van die Leeu uit die stam van Juda op?

Hierdie is slegs 'n enkele trompetgeskal tussen baie wat nou die gelowiges tot die stryd oproep.

Die pad na die hemel is glorieryk - helder verlig deur die liefde van God en die gemeenskap van vriende in Jesus.

ONS VYAND - DIE WÊRELD 1*

Die wêreld is vandag in 'n ongelooflike toestand van onvastheid en verandering. Tradisionele beskouings en waardes is aan die verander en binne 'n relatief kort tyd bykans omgekeer. Onder die verdowende invloed van die televisie en die vinnig veranderende elektroniese media is verstande gemanipuleer, gedagtepatrone vasgestel en besluite voorgeskryf. En die meeste van die miljoene wat so beïnvloed word, is bykans onbewus van die magtige, kunsmatige middele wat aangewend word om hulle verstande en sedelike beginsels te verander.

Daar is geen twyfel hoegenaamd dat Satan die toutjies trek en die subtiele magte beheer wat ontwerp is om ons geestelik te verwoes nie. Onder die hipnotiserende invloed van hierdie magte, is Christelike verstande net so suksesvol gebreinspoel as die van die mees onbekeerde en verdorwe sondaar.

Ons enigste veiligheid is om die geslepe vermomming van die vyand te herken. 'n Duisend vermomde, dodelike lokvalle is oral rondom ons

geplant. Ons denke [gedagtes, menings] is amper onmerkbaar deur wat ons sien en hoor geaffekteer. Geestelike oortuigings het swak geword en heeltemal verdwyn. Die fyn gevoeligheid vir sonde is ongevoelig gemaak deur die aanhoudende blootstelling aan die oënskynlike onskuldige invloed van ons verrotte samelewing.

In die Skrifte word na hierdie aanvalswapens van Satan eenvoudig na verwys as "die wêreld." En niemand kan sê dat ons nie teen hulle demoraliserende invloed gewaarsku was nie. Paulus, Jakobus en Johannes het almal met dramatiese dringendheid geskryf omtrent die gevare om met die wêreld saam te werk:

Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. - 1 Joh. 2:15,16.

Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. - Jak. 4:4.

As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle. - Joh. 15:19.

Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem. - 2 Kor. 6:17.

Wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as eiendom te reinig, ywerig in goeie werke. - Titus 2:14.

Hierdie skrywers het 'n geïnspireerde obsessie gehad om die dodelike fout/dwaling bloot te lê om die heilige en die onheilige/wêreldse saam te meng. Hulle sê vir ons met een stem: "Moenie die wêreld liefhê nie. Julle is nie van die wêreld nie. Kom uit die wêreld uit en wees 'n besondere en afgesonderde volk."

Hierdie tekste moet nie geïnterpreteer word as bevel om die fisiese bewoning van die wêreld te verlaat nie. Vanselfsprekend is dit waarskuwings teen sekere invloede, gebruike/gewoontes en idees wat hoogs nadelig/skadelik vir die Christelike lewenswyse sal wees. Verder, Jesus self het aangedui dat die dinge van die wêreld in die oë van die mense heeltemal onskuldig sal voorkom. Hy het 'n ewige beginsel neergelê toe Hy hierdie woorde tot die Fariseërs gespreek het: **Want wat by die mens hoog geag word, is 'n gruwel voor God.** - Lukas 16:15.

Bestudeer daardie verklaring noukeurig. Christus sê dat die mees geëerde, gewaardeerde dinge in die samelewing sal die grootste vyande van die waarheid wees. Hy sê dat Sy volk aan die teenoorgestelde kant van die heersende praktyke in die wêreld moet staan. Ware Christene moet die lewenstyl wat die aanvaarde, goedgekeurde norm vir die hele res van die wêreld sal wees, verwerp. Het ons enige begrip wat betrokke is deur so 'n posisie in te neem? Dit is nie maklik om te staan teen die eerlike, duidelike menings van gewilde, nasionale persone nie. En dan sal daar die volle ondersteuning wees van die groot kerksisteme om selfs meer geloofwaardigheid te gee aan die dinge wat deur **die mense hoog geag word**. Hierdie verkeerde lewenswyse sal so klaarblyklik as vanselfsprekend

aanvaar/beskou word dat enige afwyking op neergesien sal word as onnosel en onsinnig/onredelik. E.G. White verduidelik dit so: "Wanneer ons die standaard bereik wat die Here wil hê ons moet bereik, sal wêreldlinge Sewendedagadventiste as eienaardig/snaaks/koddig, nougeset/bekrompe ekstremiste beskou." - *Fundamentals of Christian Education*, p. 289.

Dit bring ons by 'n volgende belangrike vraag: Watter uitwerking sal al hierdie bekoorlike/verlokkende, vermomde benaderings op die oorblyfsel Kerk hê? Die weldeurdagte doel van ons groot vyand is om sonde aanvaarbaar te laat voorkom en indien moontlik die kamp van die gelowiges te infiltreer. Die een groot vesting van krag/sterkte, die laaste vesting van verdediging wat teen die wettelose staan, is die nakomelinge van die vrou. Volgens Openbaring 12:17: **Die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.** - Openb. 12:17.

Satan haat die wet van God. Hy haat die Sabbat en hy haat diegene wat in die bres tree en die geldigheid van die wet handhaaf/verdedig. Dwarsdeur die eeue het die duivel spesiale wapens beplan om teen die volk van God te gebruik. Daardie wapens het van geslag tot geslag gevarieer. Dikwels was die skerp snykant van vervolging teen die klein oorblyfsel wat lojaal aan die gebooie van God was, gebruik.

Vervolging en die doodsvonnis sal weer in die prentjie kom as 'n desperate duivel die slegste/ergste wat hy teen die ware Kerk het, loslaat. Hy weet hierdie is 'n stryd om lewe en dood wat die groot kwessie in die groot stryd vir alle ewigheid sal beslis. Hierdie keer sal hy geen voordeel oor die hoof sien /ignoreer nie. Staatmakende op die sielkundige kundigheid van 6,000 jaar se ervaring om te probeer om die mens se verstand te beïnvloed, het hy 'n sagmakende, operasionele

plan in werking gestel teen die mense wat hy haat. Die plan behels om geleidelik die geestelike verdediging en beskerming van Sewende-dagadventiste deur wêreldse kompromie te verswak. Dit sal die finale wapen wees wat Satan so slim ontwerp het om die geloof van elke lidmaat van die oorblyfsel Kerk te ondermyn.

Hoe suksesvol sal dit wees? Hoeveel sal in die naderende krisis uitgeskud word, omdat hulle aan die dinge van die wêreld toegegee het? Ons hoef nie te wonder nie. Die antwoord was herhaaldelik in die Gees van Profesie gegee. Dit is 'n verskriklike antwoord en ons sou graag wou glo dat dit nie waar is nie. Maar lees dit en oordink dit:

"Ek sou sê ons leef in 'n baie ernstige tyd. In die laaste visioen wat aan my gegee was, was ek die onstellende feit getoon dat 'n klein gedeelte van diegene wat nou die waarheid bely daardeur geheilig en gered sal word. Baie sal hulle slimmer hou as die eenvoud van die werk. Hulle sal aan die wêreld gelykvormig word, afgode koester en geestelik sterf." - *Testimonies for the Church*, vol. 1, pp. 608-609.

Hoe ongelooflik! Die groot meerderheid van diegene wat hulle nou in die waarheid verheug, sal hulle geloof prysgee en verlore gaan. Hulle sal verlore gaan omdat hulle "aan die wêreld gelykvormig word." Satan se bedrieglike/geslepe, onskuldige voorkoms, hoog gewaardeerde lewenstyl sal hulle ontwapen, hulle verswak en uiteindelik vernietig. 'n Volgende verklaring is selfs meer spesifiek: "'n Groot verhouding/proporsie van diegene wat nou eg voorkom, sal as onedel metaal bewys word." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 136.

Die sagmaakende/makmakende strategie van die vyand is duidelik deur E.G. White in hierdie woorde beskryf: "Die tyd is nie in die verre toekoms wanneer die toets na elke siel sal kom nie. Die onderhouding van die vals sabbat sal op ons afgedwing word. Die stryd sal wees

tussen die gebooie van God en die gebooie van mense. Diegene wat tree vir tree aan wêreldse eise toegegee het en aan wêreldse gebruike/gewoontes gelykvormig geword het, sal dan aan die heersende owerheid toegee, eerder as om hulself aan bespotting/veragting, belediging, dreigende tronkstraf en doodstraf te onderwerp. Gedurende daardie tyd sal die goud van die afsaksel geskei word. Ware godvresendheid sal duidelik onderskei word aan die voorkoms en skynprag daarvan. Menige ster wat ons vir sy buitengewone knapheid bewonder het, sal in die donkerte verskiet. Diegene wat die voorwerpe van die heiligdom veronderstel het, maar nie met Christus se geregtigheid bekleed is nie, sal dan in die skaamte van hulle naaktheid verskyn." - *Prophets and Kings*, p. 188.

Moenie die reël wat die rede vir hierdie groot afvalligheid beskryf, miskyk nie. "Diegene wat tree vir tree aan wêreldse eise toegegee en aan wêreldse gebruike/gewoontes gelykvormig geword het, sal dan aan die owerheid toegee."

Nie alleen sal die meerderheid uit die Kerk geskud word nie, hulle sal in werklikheid teen hulle voormalige broeders draai en venynige vyande van die waarheid word.

"Namate die storm [van vervolging] nader, sal 'n groot aantal van diegene wat voorgegee het om in die derde engel se boodskap te glo, maar wat nie deur gehoorsaamheid aan die waarheid geheilig is nie, hulle geloof prysgee en by die geleedere van die teenstander aansluit.

Deur met die wêreld te verenig en met sy gees besiel te word, sal hulle sake net soos die wêreldlinge beskou en wanneer die toets kom, sal hulle gereed wees om die maklike, populêre kant te kies. Talentvolle en innemende mense wat hulle eenmaal in die waarheid verbly het, sal hulle kragte gebruik om siele te bedrieg en te mislei.

Hulle sal die bitterste vyande van hul gewese broeders word. Wanneer Sabbathouers voor die howe gebring word oor hulle geloof sal hierdie afvalliges die beste werktuie van Satan wees om hulle te beskuldig en vals voor te stel. Hulle sal deur vals getuienis en beskuldigings die owerheid teen eersgenoemdes aanhits." - *The Great Controversy*, p. 608.

Weer eens is ons deur dié uitdrukking gefassineer: "Deur met die wêreld te verenig... sal hulle gereed wees om die maklike, populêre kant te kies." Let wel, dit is 'n voorbereidingswerk - "Hulle sal gereed wees..." Hier word die fantastiese, sielkundige program van Satan om sedelike hindernisse af te breek weer eens geopenbaar. Wêreldse kompromie. Wêreldse gelykvormigheid. "Die werk wat die Kerk nagelaat het om in 'n tyd van vrede en voorspoed te doen, sal sy in 'n tyd van verskriklike krisis moet doen, onder die ontmoedigendste, onheilspellendste toestande. Die waarskuwings wat wêreldse gelykvormigheid stilgemaak of weerhou het, moet onder die hewigste opposisie van die vyande van die geloof gegee word. En in daardie tyd sal die kunsmatige, konserwatiewe klas, wie se invloed die vooruitgang van die werk bestendig vertraag/belemmer het, hulle geloof versak en hulle plek by die openlike vyande inneem, teenoor wie hulle simpatie lank reeds neig. Hierdie afvalliges sal dan die venynigste vyandigheid openbaar en alles in hulle vermoë doen om hulle eertydse broeders te onderdruk en te belaster en om verontwaardiging teen hulle op te wek. Hierdie dag is reg voor ons." - *Testimonies for the Church*, vol. 1, p. 278.

Die woorde "wêreldse gelykvormigheid" kom weer eens in hierdie verklaring onder ons aandag. Herhaaldelik was ons omtrent hierdie massiewe aanval van Satan deur wêreldsheid gewaarsku. Nogtans hoor ons so min omtrent hierdie spesifieke onderwerp. Duisende

Sewendedagadventiste is onverskillig (blind wees vir) teenoor hierdie operasionele plan van die Bose. Sommige van ons mense was gelei om te glo dat dit wetties is om enige soort van twispunt/geskilpunt oor standarde en lewenstyle te maak. Vir hulle is dit "haarklowery" en veroordelend (krities). Dit is verseker hoe Satan wil hê hulle moet voel. Hulle praat en dink baie omtrent die finale toets oor die ware Sabbat, maar misluk om te sien hoe *die uitkoms van die toets reeds nou bepaal word*.

Ellen White sê: "Diegene wat met die wêreld verenig, ontvang die wêreldse gietvorm/stempel en berei voor vir die merk van die dier. Diegene wat wantrouig/agterdogtig omtrent hulself is, wat hulself voor God verootmoedig en hulle siele reinig deur die waarheid te gehoorsaam - diesulkes ontvang die hemelse gietvorm/stempel en berei voor vir die seël van God in hulle voorhoofde." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 216.

Die merk van die dier sal afgedwing word. Elke siel sal aan die kant van die ware Sabbat of die vervalste sabbat, Sondag, moet staan. Sewendedagadventiste sal die doodsvonnis vir hulle geloof in die gesig staar. En, tragies, die meerderheid sal nie in staat wees om in die krisis staande te bly nie. Hulle sal as dislojaal geopenbaar word, as gevolg van vroeëre kompromie en weifeling/besluiteloosheid oor Christelike standarde. Deur geleidelik aan wêreldse gewoontes/gebruike en metodes toe te gee sal hulle wilskrag en beslistheid so verswak wees dat hulle nie die toets kan deurstaan nie. En hierdie kompromie is nou aan die gang! Op hierdie einste oomblik is die groot meerderheid van ons mede-kerklidmate tegemoetkomend teenoor die wêreld tot so 'n mate dat hulle verlore sal wees wanneer die merk afgedwing word.

Hier is die vraag wat my hinder: Is ek saam met hulle tegemoetkomend? Hoe kan ek seker wees dat ek nie die dryfvaart volg wat die groot skudding in die kerk sal teweegbring nie? Watter geslepe vermomming, diaboliese (duiwelse) metode het Satan aangewend/gebruik om so baie van God se volk se oë te verblind, sodat hulle uiteindelik die wêreld bo die waarheid sal kies? Dit moet verseker die gepoleerde meesterstuk van al die misleidende/bedrieglike planne wees wat hy ooit teen die gelowiges gebruik het. Die mense wat bekend/beroemd was vir hulle hoë standarde sal met lis bedrieg word om hulle afgesonderde lewenstyl prys te gee. Die gemiddelde Adventis vandag sou met verontwaardiging ontken dat hy wêrelds is. Die meerderheid van ons lidmate sou met volle versekering verklaar dat hulle nie hul geloof sal versak nie, selfs in die aangesig van die dood. *Nogtans het ons so pas gelees dat hulle sal!*

Wat beteken dit? Dit beteken dat die meeste van ons lidmate in wêreldsheid vasgevang is en dit nie eens besef nie. Hulle is oorgegee aan gevaarlike kompromie en dink dit is heeltamal onskuldig en aanvaarbaar. Hulle is so bedrieg/geblinddoek dat hulle nie die wêreldse dinge wat hulle doen, kan herken nie.

Hoekom kan hulle nie hul betrokkenheid by die wêreld sien nie? Omdat die verlaging van standarde so geleidelik was dat niemand besef het wat aan die gebeur was nie. Die duiwel se plan is nie om die Kerk haar historiese posisie teen die vlees en die wêreld onmiddellik te laat prysgee nie.

Maar Satan weet hoe die verstand onder die mag van suggestie en assosiasie opereer. Met oneindige geduld voer hy beelde, woorde, idees en gebruike in wat nie op sigself veroordeel kan word nie. In der waarheid, baie van Satan se "onskuldige" planne word nie alleen onder

die mense hoog geag nie, maar het een of ander prysenswaardige kwaliteite en eienskappe. 'n Perfekte voorbeeld van so 'n middel is televisie. Hoe baie van ons het oortuigende argumente gehoor van die wonderlike nuus, dokumentêre- en godsdienstige programme. Niemand kan sê dat die TV-skerm in die woonkamer op sigself iets boos is nie. Op sy eie is dit 'n goeie bron van inligting.

Dan begin die meesterlike proses van sielkundige aanslag waarin Satan onoortrefbaar is. Baie stadig word die oordeel/onderskeidingsvermoë deur glimpse en grepies/stukkies van grenslyn komedie/blyspel, geweld, ens. afgestomp. Die verstand pas aan by die nuwe vlak van toevoer en begin bykans onmerkbaar om die verandering in wat ons sien en hoor te verdra.

Twee geïnspireerde verklarings sal ons help om te sien hoe die werk van die vyand ontwikkel:

"Satan sal homself deur klein wiggies te kenne gee, wat wyer word namate hulle ruimte vir hulself maak. Die misleidende planne van Satan sal in die spesiale werk van God in hierdie tyd ingebring word." - *Selected Messages*, Boek 2, p. 21.

"Die werk van die vyand is nie onverwags/plotseling nie..... Dit is 'n geheime ondermyning van die vestings van beginsel. Dit begin in oënskynlike klein dingetjies." - *Patriarchs and Prophets*, p. 718.

Hoe belangrik is dit om die rigting te herken waarin ons deur enige bepaalde invloed gelei word. Die manier hoe kwartels dikwels in 'n lokval gevang word, voorsien 'n parallel tot Satan se taktieke. Graan word 'n paar meter geplaas van die plek waar 'n valstrik gestel is. Aanvanklik nader die voëls die goeie graan met 'n vanselfsprekende

vrees, maar omdat daar geen gevaar in sig is nie, is hulle vrese uit die weg geruim.

Die volgende dag word die graan 'n bietjie nader aan die valstrik geplaas en die voëls is minder versigtig vir die gestrooide graan. Dag na dag word die graan 'n bietjie nader aan die valstrik geplaas, totdat die voëls heeltemal seker/oortuig is dat daar niks gevaarliks omtrent die goeie graan is nie. Dan, natuurlik, word die graan binne-in die valstrik geplaas en steeds kom die voëls. Onskuldig vertrou hulle die goeie kos om goed te bly en 'n veilige feesmaal om veilig te bly. Dan val die valstrik.

Ek sê nie dat kwartels moet ophou om graan te eet of dat Christene alle aktiwiteite moet staak nie. Die punt is dat ons versigtig genoeg moet wees om die rigting te oorweeg/oordink waarin ons gelei word en gewillig wees om selfs die "goeie" dinge prys te gee as hulle ons in 'n rigting van geestelike gevaar lei.

Kan goeie dinge in die verkeerde rigting lei? Inderdaad kan hulle. Christene word gelei om hulle hoë standarde geleidelik prys te gee, dikwels deur 'n proses wat heeltemal onskuldig lyk.

Dit is die weg hoe kompromie nog altyd in die kerk ingesluip het. Satan voer 'n aktiwiteit in wat baie effens afkeurenswaardig is. In der waarheid, dit mag baie moeilik wees om presies te bepaal hoekom die aksie nie goed is nie. En omdat die afwyking so gering is, wil niemand werklik 'n bohaai daarvoor opskop nie. Sommige getroue lidmate van die kerk voel ongemaklik omtrent die saak, maar is huiwerig om iets te sê uit vrees om dweepsiek genoem te word. Hulle wag totdat daar 'n groter kwessie is voordat hulle 'n sterk standpunt inneem.

Ongelukkig sal daar nooit 'n groter kwessie wees nie. Die duiwel maak seker dat al die treë van kompromie baie klein is. Hy weet dat bykans niemand die moed sou hê om enige volgehoue beswaar vir 'n geringe graad van afwyking te maak nie.

Diegene wat min moed het om die verkeerde te bestraf/berispe, of wat deur traagheid of gebrek aan belangstelling om geen ernstige poging aan te wend om die familie of die Kerk van God te suiwer nie, word aanspreeklik gehou vir die sonde wat uit die pligsversuim mag voortkom. Ons is net so aanspreeklik vir sonde wat ons in andere kon keer deur die uitoefening van ouerlike sorg of herderlike gesag, asof die dade ons eie was." - *Patriarchs and Prophets*, p. 578.

Moenie die stukrag van hierdie verklaring mis nie. As ek bang is om die trompet te blaas en God se volk teen naderende geestelike gevaar te waarsku en hulle in sonde verlei word as gevolg daarvan, dan sal ek vir daardie sondes aanspreeklik gehou word, asof dit my eie was. Ek wil nie vir die sondes van andere pa staan nie.

Die enigste manier hoe ons hierdie wêreldse indringing gaan stuit, is om êrens 'n lyn te trek en daarop te staan. Die geleidelike aftakeling van ons standarde sal voortgaan totdat ons die moed bymekaar skraap om die eerste kompromie te weerstaan. Mev. White het gesê: "Die afstand tussen Christus en sy volk word groter en kleiner tussen hulle en die wêreld." - *Spiritual Gifts*, vol. iv, p. 68. Weer het sy geskryf: "Ons enigste veiligheid is om as God se besondere volk te staan. Ons moet nie een sentimeter toegee aan die gewoontes, gebruike en modes van hierdie ontaarde tyd nie, maar in sedelike onafhanklikheid staan, geen kompromie maak met die korrupte en afgodiese praktyke nie." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 78.

1. Joe Crews: *Creeping Compromise*, pp. 8-19.

'N TOEGERUSTE KRYGER

Jesus het vir ons 'n ander Voorspraak gestuur (Joh. 14:16). Jesus noem hierdie Voorspraak die *Gees* van die waarheid, omdat Hy die volgende vyf bedieninge sou behartig:

- Hy sal julle alles leer (Joh. 14:26).
- Hy sal julle herinner aan alles wat Ek gesê het (Joh. 14:26)
- Hy sal oor My getuig (Joh. 15:26)
- Hy sal julle in die hele waarheid lei (Joh. 16:13)
- Hy sal die dinge wat gaan kom aan julle verkondig (Joh. 16:13).

Die sleutel wat die krag van die Skrif oopsluit, is 'n Persoon. Die Ou Testament-skrywers het dit geweet. Hulle het hulle vertrou in God se vermoë om hulle die Bybel te leer gestel en nie in hulle vermoë om dit te interpreteer nie. **Maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u wet ervaar**, bid die psalmis (Ps. 119:18). Baie keer in die Psalm vra die skrywer die Here om hom Sy woord te leer of om hom die verstaan van Sy woord te gee. Hy het geweet dat hy nooit God se woord sou verstaan of kan volg sonder/apart van die lering en bemaagtigingsbediening van die *Gees* van God nie.

Die eerste beginsel om die Skrif te verstaan en toe te pas is om dit te bepeins, dit te oordink. Die tweede en onmisbare voorwaarde is om in nederigheid voor God te kom en om ons dwaasheid te erken en Hom te vra vir wysheid om die Skrif te verstaan en toe te pas. Hulle wat op hierdie manier vir wysheid vra, sal nooit weggewys word nie. (Spreuke 2:1-10; Jak. 1:5-8).

Die Heilige *Gees* doen baie wonderlike dinge op die aarde op die oomblik; maar as ons probeer om van elkeen deel te wees, sal ons wees soos 'n kurk wat deur die branders van die see heen en weer gedryf word. Ons moet onderskei wat die Here besig is om in ons te doen en bly wees oor wat Hy

in ander doen, maar moenie voel dat ons nodig het om alles na te jaag wat in die liggaam van Christus gebeur nie. Hierdie soort volwassenheid en onderskeiding kom deur behoorlik geanker te wees in ons verhouding met die Here, sodat ons weet wat Hy besig is om in ons te doen en daarvan verseker te wees.

Die apostels het deur ondervinding geleer hoe nodig hulle die Heilige Gees het om hulle te help om die Skrif te verstaan. Hulle het 'n Persoon nodig gehad om die Skrif aan hulle te verduidelik. Dit is hoekom die apostels nooit hulle vertrou in hulle vermoë of ondervinding om die Bybel te interpreteer, gestel het nie. Inteendeel, hulle het die Gees van Waarheid vertrou om die Bybel en hulle ondervindings te interpreteer.

Ons het nie nodig om senuagtig te wees daaromtrent dat God met ons praat deur daaglikse gebeure in ons lewens as die Gees van Waarheid in ons opereer nie. Hy het beide in die Bybel en in die omstandighede van die Nuwe Testament met gelowiges gepraat.

Die Woorde van die Skrif moet ons enigste, absolute standaard wees. Maar ek sê dat die Heilige Gees dikwels deur ons omstandighede praat wat in ooreenstemming met die Bybel is en selfs in maniere wat ons mag uitdaag om ons verkeerde interpretasies van die Skrif te korrigeer.

As die waarheid, die volle waarheid, en niks anders as die waarheid bekend was, watter uitspraak sou aan my en jou gegee word in verband met wat ons vir so lank in ons lewens nagevolg het en hoekom?

- Het ek die Bybel gelees om daaruit die krag wat my aktiwiteite stimuleer te leer?
- Het ek dit gelees, soekende na beginsels, om my lewe op een of ander wyse meer suksesvol te maak?

- Het ek dit gelees, soekende na beloftes om my lewe op 'n manier veiliger te maak?
- Het ek dit gelees, soekende na bevestigende tekste, om sekerheid te gee aan my eie geloof of om dit teenoor ander meer verdedigbaar te maak?
- Het ek dit gelees, soekende na preekmateriaal, omdat dit my werk is?
- Het ek dit gelees, soekende na mag, vir watter rede ook al?
- Of het ek dit gelees soekende na die Persoon wat ander geïnspireer het om dit te skryf?

As ek soekende lees na die Persoon (Heilige Gees) wat ander geïnspireer het om dit te skryf, sal ek besef dat die Skrif 'n Persoon openbaar wat na my soek, wat na my uitreik. 'n Persoon wat nie slegs 'n persoonlike verhouding met my wil hê nie, maar 'n intieme een. Wanneer ek die Skrif lees, moet ek soekende, vertrouende, luisterende, wagtende en biddende lees, want Jesus is die Woord wat Sy liefde, genade, karakter, natuur, wil en komende Koninkryk aan my wil kommunikeer.

*VERTEL WAT JY WEET 2**

Elkeen van die vier evangelies eindig met 'n soortgelyke opdrag. In die eerste Evangelie sê Jesus: **Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld - Matt. 28:19,20.** Hoekom het Jesus ons met hierdie opdrag agtergelaat? Omdat Hy geweet het dat ledigheid eindig in wegkwyning.

Het jy al ooit 'n gebreekte been in gips gehad? As jy het, onthou jy hoe anders het jou been of arm gelyk toe die gips verwyder was? Afgesien daarvan dat dit ligter van kleur was, was dit kleiner in grootte en omtrek as die een wat nie gebreek was nie. Die spiere het weggekwyn of gekrimp en dit verg oefening om die been of arm na die oorspronklike toestand terug te kry. Gelukkig, soos jy aktief is en daardie spiere gebruik, herstel dit.

Getuig. In die Christelike lewe word "eet" met Bybelstudie vergelyk, "asemhaal" met gebed en oefening met die Christelike getuienis. Om Jesus met ander te deel is vir jou geestelike lewe wat oefening vir jou fisieke lewe is. Dit is vir geestelike gesondheid noodsaaklik. Om die evangelieopdrag te verwaarloos is om geestelike swakheid en agteruitgang binne te nooi. Waar daar nie aktiewe arbeid vir ander is nie, vervaag die liefde vir Jesus en die geloof word flouer.

Ek gebruik die woord getuig of getuienis aflê, maar ons het 'n definisie daarvoor nodig. Die HAT definieer dit as: 1) getuienis aflê - vir iemand of iets getuig; 2). As getuie verklaar, meedeel: Hy getuig van wat die Here vir hom gedoen het; 3) getuie: Iemand wat op grond van die feit dat hy teenwoordig was, eerstehandse inligting oor 'n voorval of 'n toestand en sake kan gee. Met ander woorde, jy moes iets opgemerk het om 'n getuie te kan wees. Jy kan nie getuig, tensy jy iets gesien of ervaar het nie. Stel jou iemand voor wat nog nooit sjokolade geëet het nie probeer om die smaak daarvan te beskryf. Jy moes 'n getuie gewees het ten einde 'n eerstehandse verslag te kan gee.

So wat is die inhoud van die Christen se getuienis? Wat is die eerstehandse verslag. Kyk na die volgende Skrifgedeeltes en let op hulle gemeenskaplike deler:

Kom luister, en laat my vertel, julle almal wat God vrees, wat Hy aan my siel gedoen het. - Psalm 66:16.

Dit behaag my om die tekens en wonders wat die allerhoogste God aan my gedoen het, te verkondig. - Daniël 4:2.

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het. - Johannes 3:11.

Vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie. - Handeling 4:20.

Daar is 'n groot verskil tussen om 'n teologiese leerstelling te verduidelik en om vir iemand te vertel wat God vir jou gedoen het. Die een is inligting; die ander 'n ervaring. Wanneer ons daarvan praat om Jesus te deel, praat ons van 'n ervaring. Jesus het eens vir 'n groep kerkleiers gesê: **Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie. - Johannes 5:39,40.** Jy sien, daar sit iets meer in om te getuig as om eenvoudig vir mense te vertel wat die Bybel omtrent 'n bepaalde stel leerstellings leer.

Byvoorbeeld, ek kan miskien vir jou 20 fundamentele feite omtrent die burgermeester waar ek bly, gee. Met 'n bietjie navraag en hulp kan ek miskien vir jou die grootte van sy hoed, sy skoene grootte, die kleur van sy oë, sy huisadres en 'n indrukwekkende lys van ander feite omtrent hom gee. Maar ek het 'n vriendin wat die burgermeester se sekretaresse is. Ek wil dit waag om te raai dat sy ons meer van hom kan vertel op 'n manier wat ek nie kan nie, omdat sy hom ken. Sy spandeer elke dag tyd met hom, so sy kan van hom vertel met 'n

varsheid en insig wat die man sal uitbeeld en nie net sy skoengrootte nie.

Daar is 'n soortgelyke verskil tussen wat Josefus (die historikus) omtrent Jesus geskryf het en wat Johannes (die geliefde dissipel) omtrent Jesus geskryf het. Josefus verskaf 'n klomp inligting, maar Johannes vertel ons wat dit in werklikheid was om saam met Jesus te wees. Inderwaarheid stel Johannes dit so: **Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe - en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is - wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.** - 1 Joh. 1:1-3. Die Christelike getuienis is dan 'n eerstehandse verslag omtrent wat dit is om 'n vriendskap met Jesus te hê.

God vind baat by jou getuienis

Jesus het gesê: **Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.** - Matt. 5:16. Een van die beskuldigings wat God se vyande teen Hom gemaak het, was dat Hy onredelike verwagtings het - dat dit onmoontlik is om Sy wette te onderhou. As jy hierdie vers van naderby bekyk, ontdek jy dat God die heerlikheid kry van jou goeie werke. Hoekom sal mense vir God heerlikheid gee as hulle jou goeie werke waarneem?

As mense God verheerlik as gevolg van die goeie werke wat hulle in jou sien, verstaan hulle wie verantwoordelik is vir jou Christus

gelykvormige lewe. Hulle dink nie dit is iets wat jy gedoen het nie. Hulle begin sien dat God in staat is om Homself te herskep in die lewens van hulle wat hulle aan Hom onderwerp en elke dag tyd spandeer om op sy weergalose bekoring en goedheid te fokus. Jy kan 'n getuie wees vir God se verdediging wat die vyand se aanspraak dat gehoorsaamheid onmoontlik is, weerlê.

In Johannes 15:8 sê Jesus: **Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra.** Weer eens wys Jesus hoedat ons lewens vir Sy Vader heerlikheid kan bring. Soos mense karaktertrekke in ons sien wat nie eie aan die menslike natuur is nie, as hulle sien dat ons die onbeminde liefhet, ons vyande vergewe en meer geïnteresseerd is om te dien as om geëer te word, weet hulle dat 'n Hoër Mag dit moet laat gebeur. 'n Getransformeerde lewe bring heerlikheid aan God, omdat alhoewel sommige van ons uiterlike "goedheid" mag vertoon, is nie een van ons in staat om ons harte van die bose weg te draai nie. Soos dit in 2 Korinthiërs 4:7 staan: **Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie.** Dit is hoekom Hy die heerlikheid kry.

Ook 'n volgende teks toon dat God baat vind by jou getuie. Lukas 18:43 sê: **En onmiddellik het hy gesien en Hom gevolg, terwyl hy God verheerlik. En toe die hele volk dit sien, het hulle aan God die lof gegee.** God kry die eer as mense vertel van wat Hy vir hulle gedoen het.

1 Petrus 2:9 maak dit weer eens duidelik en Petrus sê: **Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.** Aan jou is 'n opdrag gegee, 'n voorreg, 'n geleentheid om lof aan God te gee, sodat andere na Hom aangetrek mag word. God sal dat meer mense

betrokke raak by hierdie goeie nuus omtrent 'n vriendskap met Hom en ons getuienis is waardevol om andere na Hom te trek.

Ander vind baat by jou getuienis

Daar is 'n voordeel vir ander in ons getuienis van God. Jesus het nie die evangelieopdrag gegee, omdat Hy ons nodig het om Hom te help om die werk te voltooi om aan die mensdom die verhaal van verlossing te vertel nie. Nee. Hy kon ander metodes as ons gebruik om mense na Hom te trek. Hy het direk deur visioene, drome of selfs hoorbare woorde gespreek wanneer Hy so verkies het (kyk Genesis 15:1; Matt. 2:13; 1 Sam. 3:10). Hy het engele gebruik (kyk 2 Kon. 1:3). Hy het deur diere gepraat (kyk Num. 22:28). Inderwaarheid, Jesus het per geleentheid gesê dat as die mense sou stilbly, die klippe sal uitroep! (kyk Luk. 19:40).

Romeine 9:28 sê: **Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die Here 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen.** Die Bybel leer dat God ons nie nodig het om Sy werk klaar te maak nie.

Johannes 1:9 sê dat Jesus **die waaragtige Lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.** God trek elke mens na Hom toe en Hy hou Homself verantwoordelik om aan elke mens voldoende kans te gee om op Sy uitnodiging te reageer.

So hoekom behoort ek ander te vertel wat Jesus vir my beteken of wat ek vir Hom beteken? Omdat terwyl hulle verlossing nie van my getuienis afhanklik is nie, beteken dit nie dat hulle nie by my getuienis baat vind nie.

Jesus is Here en Hy is vasberade om jou elke moontlike geleentheid te gee om Hom te ken. Maar my getuienis kan iemand help om Hom gouer te leer ken. Ek kan iemand op sy/haar reis help en hom/haar miskien

'n bietjie moeilikheid langs die pad spaar. Verder, hoe meer ek Jesus leer ken, hoe meer wil ek diegene help wat Hy uitnooi om erfgename van die verlossing te wees. So hoe baat ander by my getuienis?

Johannes die Doper, terwyl hy na Jesus kyk wat verby geloop het, het gesê: **Dáár is die Lam van God!.... En die twee dissipels het hom dit hoor sê en Jesus gevolg** - Joh. 1:36,37. Mense kan hoor wat jy van Jesus sê en vroeër na Hom toe aangetrek word. Dit is goed vir hulle. Dit is iets wat ons vir hulle wil hê! Hy is dit waardig om geken te word en ons is gretig dat ander Hom ontmoet. Wanneer jy oor iemand opgewonde is of verlief is op iemand, is dit in werklikheid moeilik om nie van hulle te praat nie.

Volgens Johannes 1:41-43: **Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Hom gevolg het. Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messias gevind..... En hy het hom na Jesus gelei.** Petrus het Jesus vroeër gevind as wat hy sou as sy broer nie na hom gaan soek het om die goeie nuus mee te deel nie.

Die inwoners van Sigar het aan die Samaritaanse vrou van die put gesê: **Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die saligmaker van die wêreld is.** - Joh. 4:42. Wat het hier gebeur? Sy het vir hulle van Jesus vertel en op grond van wat sy gesê het, het hulle gegaan om vir hulself te hoor. Hulle het in 'n persoonlike ondervinding met Jesus betrokke geraak en die vrou bedank, omdat sy hulle aan Hom voorgestel het. Hulle het waarlik baat gevind by haar getuienis.

Jesus het self gesê: **En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.** - Joh. 12:32. As jy Hom verhoog, word mense

aangetrek deur dit wat hulle sien. Hulle wil dan ook kom en Hom beter leer ken. Daar is fantastiese voordele vir ander wanneer jy Jesus voor hulle verhoog.

Jy vind baat by jou getuienis

Is jy van die beginsel bewus dat terwyl ons ander help ons in werklikheid onself meer help? Die ellendigste mense in die wêreld is diegene wat net vir hulleself lewe.

Die rede hoekom Jesus die sendingopdrag aan mense in plaas van engele gegee het, is omdat Hy weet dit is goed vir ons om vir Hom aktief te wees. As jy vir Jesus betrokke wil raak, sal jy die behoefte aan 'n dieper ervaring met Hom ervaar. Jou geloof sal versterk word, jou siel sal dieper teue by die fontein van verlossing drink. Jy sal meer uit Bybelstudie en gebed kry. Jy sal groei in genade en in die kennis van God en jy sal 'n ryke ervaring ontwikkel.

Meer tyd met Jesus

Daar is 'n ander persoonlike voordeel vir jou wanneer jy Jesus met ander deel. Dit is die grootste voordeel van almal. Dit het met Jesus te doen. Wil jy graag meer tyd met Jesus spandeer? Wanneer jy oor Sy lewe nadink, wat sien jy Hom die meeste doen? Jesus se gunsteling tydverdryf is om na verlore mense te soek. Dit gee nuwe betekenis aan Lukas 11:23 waar Jesus sê: **Hy wat nie met My is nie, is teen My en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi.**

As jy saam met Jesus kon wees, waaraan sou jy die meeste van jou tyd spandeer?

Jy sou Hom aan jou buurman se deur sien klop soos Hy probeer toegang verkry. Jy sou Hom in hospitaalsale en langs pasiënte se beddens vergesel

het. Jy sou saam met Hom na die bejaardes in aftreeoorde en hospitale geluister het. Jy sou met Hom gewees het as hy vreemdelinge in die familie van Christus verwelkom.

As jy saam met Jesus wil verkeer, sal jy baie meer van Sy tyd kry as jy gewillig is om te soek vir verlore mense wat graag hulle weg huis toe wil vind.

Wat sê 'n getuie?

Drie van die evangelieskrywers vertel die verhaal van 'n duiwelbesetene wat Jesus verlos het. Die verlossing het vir 'n paar boere 'n trop varke gekos en hulle was so ontstel oor hulle verliese dat hulle Jesus gevra het om hulle gebied te verlaat. Hy het omgedraai om te vertrek, maar toe Hy in die boot klim, wat Hom daarheen gebring het, het die herstelde duiwelbesetene aan Sy voete geval en Hom gesmeek om saam te gaan. Jesus het op sy versoek gereageer deur te sê: **Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was. En hy het weggegaan en in Dekapolis begin verkondig watter groot dinge Jesus aan hom gedoen het en almal was verwonderd.** - Joh. 5:19,20.

Die herstelde duiwelbesetene was bevoorreg om Jesus se leringe vir slegs 'n paar oomblikke te hoor. "Nie 'n enkele preek van Sy lippe het ooit op sy ore geval nie. Hy kon nie die mense leer soos die dissipels, wat elke dag saam met Jesus was, in staat was om te doen nie. Maar hy het in homself die getuienis gedra dat Jesus die Messias was. Hy kon vertel wat hy geweet het, wat hyself gesien en gehoor en gevoel het van die krag van Jesus. Dit is wat elkeen wie se hart deur die genade van God aangeraak is, kan doen. As getuies vir Christus moet ons vertel wat ons weet, wat onself gesien en gehoor en gevoel het. As ons tyd saam met Jesus spandeer het, sal ons iets op die punt af kan vertel rakende die weg

waarlangs Hy ons gelei het. Ons kan vertel hoe ons Sy belofte getoets het en die belofte waar gevind het. Ons kan getuig wat ons weet van die genade van Christus. Dit is die getuienis waartoe die Here ons roep en waarsonder die wêreld vergaan." - *Desire of Ages*, p. 340.

Jy hoef nie 'n geleerde te wees om te kan vertel wat jy van Jesus weet nie. Al wat jy moet doen, is om Jesus te ken en wat Hy vir jou gedoen het. Vertel dan vir 'n vriend! Jy sal die een wees wat die grootste seën ontvang!

2. Lee Venden: *Everything Else is Hardly Worth Talking About. It's all about Him*, pp. 79-91.

'N PASSIE VIR GOD

Om die Bybel te ken is nie dieselfde as om God te ken nie; om die Bybel lief te hê is nie dieselfde as om God lief te hê nie; en om die Bybel te lees is nie dieselfde as om God te hoor nie. Die Fariseërs het die Bybel geken, die Bybel lief gehad en die Bybel gelees, maar hulle het nie God geken, liefgehad of gehoor nie.

Een dag het Jesus vir hulle gesê: *En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit sy stem gehoor of sy gedaante gesien nie. En julle het sy woord nie as iets blywends in julle nie, omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie. Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie.* - Joh. 5:37-40.

Hierdie manne het elke dag ure gespandeer om die Skrif te bestudeer en nogtans sê die Seun van God dat hulle nooit Sy Vader se stem op enige tydstip gehoor het nie. Dit is moontlik om elke dag van ons lewe die Bybel te lees en nooit die stem van God te hoor nie.

Sommige mense raak verlei deur uiterlike morele gedrag en diens die essensie van die Christelike lewe te maak. Hulle wat dit doen, sal eindig met dieselfde soort van selfgeregtigheid wat die Fariseërs gekenmerk het. Oordink wat Jesus vir hulle gesê het wat skuldig is aan hierdie sonde (lees Matt. 23:23-28).

As die essensie van die Christelike lewe gelykvormigheid word aan reëls, sal ons altyd in selfgeregtigheid gelei word.

Die Here het per geleentheid vir dr. Jack Deere gesê: "Do not rejoice in your commitment to the Lord Jesus - rejoice in the Lord Jesus himself. If you rejoice in your commitment to Jesus, it will lead you into selfrighteousness."

Hierdie waarheid is te vinde in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar in Lukas 18:9-14. In hierdie gelykenis het die Fariseër gebid: **O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas tweekeer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.** Die Fariseër se gebed demonstreer dat hy eintlik in sy toewyding aan God gejuig het eerder as om in God te juig. As dit nie verbreek word nie, sal dit altyd tot selfgeregtigheid lei, en selfgeregtigheid sal daartoe lei dat ons op ander neersien.

Sommige mense word verlei deur geestelike gawes bo die Here Jesus te stel. Dit is blykbaar wat met die Korinthiërs gebeur het. Ander word verlei deur emosionaliteit.

Daar is kerkgangers wat verander is na 'n sekere manier van lewe, maar hulle is nooit verander na Jesus Christus nie. Hulle het die Christelike lewe lief: Hulle hou van 'fellowship', kerk toe gaan, byeenkomste by te woon, gee vir verdienstelike sake, die stimulasie wat kom van Bybellees en

selfs bid. Dit is moontlik om al hierdie goeie dinge te doen en nooit Jesus Christus vertrou om jou sondes te vergewe en jou die ewige lewe te gee nie.

Maak jou keuse. Elkeen van ons moet kies wat ons sentrale fokuspunt gaan wees. 'n Inwonende Here of 'n objektiewe, uiterlike handeling; 'n kameraadskap met Hom of probeer om Hom gelukkig te maak deur goed te wees en baie lekker dinge te doen. Ons het regtig nie ander opsies nie.

Na Jesus se opstanding het die Heilige Gees gekom om in die twaalf dissipels te woon. Hy het in hierdie mense gespreek en in hulle geleef en hulle herinner aan die dinge wat Hy gesê het en hulle herinner **hoe** Hy geleef het. Hierdie manne het die Christelike lewe begin leef op dieselfde wyse as Hy. Dit was die resultaat van 'n keuse wat hulle gemaak het; of om volgens uiterlikes te leef of om deur kameraadskap met 'n inwonende Here. Wat sal jou keuse wees?

Wat ek wil sê, is dat dit moontlik is om bykans elke goeie ding bo Jesus Christus te stel sonder om te beseef wat jy doen. Ons kan die Bybel en sy gebooie bo die Here stel. Ons kan die geestelike gawes en selfs verskillende soorte aanbidding bo die Here stel. Ons kan verskillende vorms van bediening - om te getuig, omgee vir die armes, bid vir siekes - bo die Here stel.

Ons moet nie Jesus gelykstel met enige een van hierdie goeie dinge nie. Jesus is nie 'n leerstelling, 'n teologie, 'n abstrakte beginsel, 'n bediening, 'n kerk, 'n denominasie, 'n aktiwiteit, of selfs 'n lewenswyse nie. Jesus is 'n **PERSOON**, 'n werklike Persoon. En hy vereis dat ons Hom bo al hierdie goeie dinge moet stel. Nie een van hierdie goeie dinge het vir ons gesterf nie, die Seun van God het. Nie een van hierdie dinge beheer ons eindbestemming nie; die Seun van God doen dit. Ons verwar so maklik ons

liefde vir hierdie dinge met ons liefde vir Jesus. Ons verwar so maklik om aan hierdie dinge verbind te wees met 'n toegewytheid aan Jesus.

Meer as enigiets anders, 'n passie vir God moet bewaak en ontwikkel word anders sal ons dit verloor. Die essensie van die lewe is om God lief te hê en daarna Sy volk (vgl. Matt. 22:36-40).

'n Passievolle Liefde

Ek praat graag van 'n "passie" vir Jesus in plaas van liefde vir Jesus, omdat die "woord" liefde sy Bybelse betekenis in baie godsdienstige kringe vandag verloor het. Ek hou van die woord "passie", want dit beklemtoon die emosionele sy van liefde. Passie kan beskryf word as drif, hartstog, onweerstaanbare drang, hartstogtelike liefde. Passie is 'n gevoel waardeur die verstand en wil tot aksie beweeg word.

Ek wil hê hierdie passievolle gevoelens moet my verhouding met die Here Jesus kenmerk. Ek wil volkome gehoorsaam wees aan die Here, maar ek wil hê daardie gehoorsaamheid moet ontspring uit 'n passievolle liefde vir hom. Ek wil hom dien eenvoudig vir die vreugde om die Een wat ek so liefhet tevrede te stel.

Dra my soos 'n seëlring op u hart, soos 'n seëlring op u arm; want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die Here. Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie; al gee 'n man ook al die goed van sy huis vir die liefde, hulle sou hom diep verag. - Hooglied 8: 6-7.

Die psalmdigters in die volgende psalms het nie hulle passie vir die Here verloor nie. Hulle was vervul met 'n honger en 'n verlange na Hom:

Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek seek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, om die lieflikheid van die Here te aanskou en te ondersoek in sy tempel. - Psalm 27:4.

Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn? - Psalm 42:2-3.

O God, U is my God, U seek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water. - Psalm 63:2.

TREK DIE WAPENRUSTING VAN GOD AAN 3*

DIE stryd van die geeste neem in intensiteit toe soos ons die einde van tyd nader. Daar is ongevalle oral rondom ons. Die duiwel gebruik al sy geslepenheid en listigheid - sy gemeenheid en haat. Hy slinger sy wapens na diegene wat Jesus volg. Hy probeer hulle intimideer. Maar ons moet altyd onthou dat God vir ons asemrowende beloftes van beskerming en bemoediging gegee het.

Wetende dat ons baie moeilike tye naby die einde in die gesig sal staar, het Paulus vir ons 'n God-geïnspireerde plan van beskerming geskets: *Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van Sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas....*

1. *Julle lendene met die waarheid omgord.*
2. *Met die borswapen van die geregtigheid aan,*

3. *En as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.*
4. *Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.*
5. *En neem aan die helm van verlossing*
6. *En die swaard van die Gees - dit is die Woord van God*
7. *Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees,*
8. *En juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges. - Efesiërs 6:10-18.*

Twee keer in hierdie gedeelte word ons aangeraai om nie slegs die wapenrusting van God aan te trek nie, maar die volle wapenrusting van God. Ons moet gebruik maak van elke voorsiening wat God vir ons beskerming gemaak het, sodat ons geen kwesbare plekke of gebiede het nie. Ons verdediging is net so sterk as ons swakste plek. Die volle wapenrusting is al agt aanbevole items. Die wapenrusting is die **wapenrusting van God**, omdat Hy dit vir ons voorsien. En Hy vra ons om dit aan te trek en die goeie stryd van geloof te stry. God waarborg die doeltreffendheid van Sy wapenrusting. Dit is die enigste wapenrusting wat ons in staat stel om teen die duiwel staande te bly.

1. **Met die waarheid omgord**

Diegene wat beplan om aan die wenkant in die stryd tussen goed en kwaad te wees, moet op die fondament van die waarheid staan. **U Woord is waarheid.** Dit is nie dweepsug of selfgeregtigheid om met ander te deel wat jy glo die waarheid is nie. In der waarheid, is dit geheel en al selfsugtig om dit nie met ander te deel nie. Om die waarheid te sê, as 'n persoon glo dat sy kerk se leerstellings nie die waarheid leer nie, dan behoort hy biddend te soek na een wat dit wel doen. Ons word aangemoedig om **in liefde by die waarheid [te] bly.**- Efesiërs 4:15, maar

dit moet gesê word. Paulus vra: **Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?** – Galasiërs 4:16.

Ons daaglikse gebed behoort die van koning Dawid te wees: **Leer my, Here, u weg: ek sal in u waarheid wandel; verenig my hart tot die vrees van u Naam.** – Psalm 86:11.

Ons kan die betekenis van ons lewensreis herken en waar ons in die tydstroom is slegs as ons God se Woord, wat Hy sê die waarheid is, ernstig oorweeg (Joh. 17:17). Dit is natuurlik vir niemand moontlik om te sê dat sy/haar "waarheid" die volledige feite omtrent alles is nie. Maar wanneer dit by geestelike sake en die weg na ons ewige bestemming kom, het God vir ons aanwysings in Sy Woord en deur Sy lewe gegee wat Hy sê albei die waarheid is. In geestelike sake dan, deur God se genade, kan ons weet wat die waarheid is. Waarheid is wat God sê dit is. Ons het Sy Woord daarvoor.

Soos die eindtyd stryd feller word, behoort ons vriende in die Kerk ons naaste mense op aarde te wees. Die band tussen Christene behoort deur die Gees van God gesement te wees. Sommige het hulle familie verlaat, of is deur hulle in die steek gelaat, as gevolg van hulle Christelike toewyding. Soos Jesus gesê het, hulle het ons broers en susters geword. Sulke mense hou daarvan om bymekaar te kom vir Christen-kameraadskap en, in der waarheid, word aangemoedig om dit te doen. **Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.** – Hebr. 10:25.

Elkeen van ons wys ons belangstelling in die voorspoed van die Kerk deur onself met die Kerk te identifiseer en werk saam met ons medegelowiges vir die voltooiing van die Groot Opdrag. Presies omdat eenheid

so 'n positiewe seën vir die Kerk en 'n getuienis vir die wêreld is, werk Satan hard om verdeling teweeg te bring.

Eenheid is baie belangrik, maar die eenheid waarvan Christus gepraat het, was eenheid van geloof en leerstellings wat op die basis van waarheid gebaseer is. Ware eenheid kan nooit ten koste van die waarheid wees nie. Waarheid is belangriker as eenheid. Dit is die werk van God se Gees om eenheid te bring en om ons in die hele waarheid te lei. Dienooreenkomstig kan ons nie Gees-geïnspireerde eenheid sonder die waarheid hê nie.

Daar is vandag baie oproepe vir Christene om met een of ander groot ekumeniese kerk te verenig of om "denominasie grense" te laat vaar en een gelukkige Christen-familie te word. Op die oog af klink dit goed, maar laat ons onthou dat God in die laaste dae die Kerk geroep het om eenheid op die platform van die waarheid te handhaaf. Die laaste boodskap aan die wêreld en van diegene in afvallige godsdienste is: **Gaan uit haar uit, My volk.** - Openb. 18:4. Jesus het gebid dat Sy volgelingen een mag wees, maar ons mag nie die waarheid opoffer om hierdie eenheid te verseker nie, want ons moet deur die waarheid geheilig word.

1.1 **Waarheid of tradisie**

Daar is goeie tradisies en daar is slegte tradisies; net soos daar goeie en slegte gewoontes is. Die standaard van Bybel-waarhede skets watter leringe is reg en watter is verkeerd. Sowel die Ou en die Nuwe Testament sê dit vir ons. **Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.** - Jesaja 8:20. **Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.** - 2 Tim. 3:16.

Alle ware Christene is gretig om deur die Gees van God gelei te word. Maar omdat daar ook baie geeste is, word ons vermaan: **Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.** - Joh. 4:1. Ons moet leringe en geeste aan die Woord van God toets. Ja, die Skrif plaas alles in orde! Dit is altyd ons standaard van laaste toevlug. Jesus noem diegene wat tradisie bo die Skrif stel geveinsdes! **Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas.** - Markus 7:6-8. Soos ons gereedmaak om ons Verlosser te ontmoet, ons lewens leef en met ander deel, moet ons seker wees dat ons godsdienservaring geen tradisies het wat in teenstelling met die Skrif is nie.

1.2 Die waarheid maak saak

Tussen die wette van mense en die wet van God sal die laaste groot konflik in die stryd tussen waarheid en die dwaalleer kom. Ons gaan nou hierdie slagveld binne. Hierdie stryd is nie tussen mededingende kerke wat om oppermag meeding nie, maar tussen die godsdiens van die Bybel en die godsdiens van fabel en tradisie. Die magte wat teen die waarheid verenig het, is nou aktief aan die werk. God se Heilige Woord, wat aan ons nagelaat is teen so 'n hoë prys van lyding en bloedvergieting, word deur baie min waardeer. Daar is baie min wat dit werklik as 'n lewensreël aanvaar. Baie wat hulleself Christene noem, het die leerstellings wat die pilare van die Christelike geloof is, ontken. Die groot feite van die Skepping, soos deur die geïnspireerde skrywers aangebied, die val van die mens, die verlossing, die ewigdurendheid van God se wet - hierdie is prakties deur baie wat belydende Christene is, verwerp.

Maar dank God miljoene manne, vroue en jongmense vra vandag ernstig: "Wat is die waarheid?" En aan hulle sê Jesus: **Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.** - Joh. 14:6. En weer, in Sy gebed tot Sy Vader, het Jesus, gesê: **En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.** - Joh. 17:3.

In sy eerste brief gebruik Johannes reguit taal om die waarde van waarheid te beklemtoon: **Iemand wat sê: Ek ken Hom, maar nie Sy gebooië gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.** - 1 Joh. 2:4. Vir God is gehoorsaamheid aan die gebooië en die weg van waarheid een en dieselfde. Dit behoort vir ons ook so te wees.

2. Die borswapen van geregtigheid

Baie kommentators is van mening dat die borswapen van geregtigheid die ekwivalent is van die kleed van geregtigheid waarvan so dikwels in die Bybel gepraat word. Een vers maak 'n direkte vergelyking: **Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser.** - Jesaja 59:17. Net soos die deel van 'n kryger se wapenrusting, beskerm die borswapen die hart. Net so beskerm geregtigheid die lewe van die gelowige en beskerm die "belangrike organe" van ons geestelike lewe.

2.1 Die kleed van geregtigheid

Daar is talle verwysings in die Bybel na die kleed wat deur diegene gedra moet word wat gered is en na die ewige koninkryk geneem word. Hierdie kleed van geregtigheid is dieselfde as die bruilofskleed in die Nuwe Testament.

Jesaja beskryf sy blydskap, omdat hy so 'n kleed ontvang het: **Ek is baie bly in die Here, my siel juig in my God; want Hy het my beklee met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel - soos 'n**

bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele. - Jes. 61:10.

Slegs die Skepper kan die kreatiewe werk van transformering in ons lewens bewerkstellig. Hy is gewillig en in staat om dit te doen. **En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus. Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen. - 1 Thess. 5: 23,24.** Ons heiligmaking is die werk van God. Alhoewel, God maak ons nie heilig sonder ons deelname nie. Ons moet onself in die kanaal van die Heilige Gees se werking plaas, wat ons kan doen deur Christus te aanskou. Soos ons Christus se lewe oordink, Sy Woord bestudeer en met ander deel wat God vir ons gedoen het, herstel die Heilige Gees ons fisieke, verstandelike en geestelike vermoëns. **Na Sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwung deur die Heilige Gees. - Titus 3:5.**

Daar is geen sin daarin om "wedergebore" te wees as ons net maar voortgaan om te leef soos ons geleef het voordat ons Christus aanvaar het nie. In die ware nuwe-geboorte proses, deur die Heilige Gees teweegbring, vind 'n ware transformasie plaas. As ons met Hom saamwerk, sal God ons gevalle nature na Sy beeld verander deur ons wil, verstand, begeertes en karakters te transformeer.

Kan ek weet dat ek van die dood na die lewe oorgegaan het? Die antwoord is JA. Ek kan so sê as my lewe verander is.

3. Die bereidheid vir die evangelie van vrede

Wanneer die skoene aan ons voete die bereidheid vir die evangelie van vrede is, kan ons midde-in die stryd ferm staan. Die spanninge van hierdie lewe, selfs wanneer ons nie in die hitte van die stryd is nie, kan bykans

oorweldigend wees. In der waarheid, sonder die wonderlike beloftes van God se Woord, sal die mens se hart van vrees beswyk. Maar ons het die belofte: **U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U.** - Jes. 26:2.

Hierdie stuk gereedskap gee ons geestelik 'n goeie vastrapplek, omdat ons vertrou en versekering het in wat God vir ons gedoen het en wat Hy vir ons voorsien het. In plaas van bekommernis omtrent die behoeftes van die lewe, moet ons aan die raad van Jesus aandag gee: **Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.** - Matt. 6:33.

Daar is niks soos twyfel om ontmoediging teweeg te bring nie. Aan die ander kant, die versekering wat God bied, bring die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Ons kan seker wees van die voorsienings deur ons Opperbevelhebber gemaak en seker wees dat ons aan die wenkant is en dat ons aan die einde oorwinnend sal wees.

4. Neem die skild van die geloof op

Vir hulle wat in Bybelse tye geleef het, was die skild die primêre stuk wapenrusting. In die Christelike oorlogvoering word dit die skild van die geloof genoem. **Dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.** - 1 Joh. 5:4.

Ons geloof is aktief, soos die skild wat die vurige pyle afweer. Dit is ook passief daarin dat dit in God vir bevryding vertrou. Wanneer versoekings kom, is dit geloof wat in God vir oorwinning vertrou en 'n persoon in staat stel om die stryd voort te sit. Hierdie stuk wapenrusting is so belangrik dat die Bybel sê: **En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.** - Hebr. 11:6.

Die skild van geloof stop die pyle van versoeking voordat hulle die kwesbare dele van die geestelike liggaam bereik. Dit was geloof wat die hero's van God in staat gestel het om vir God uit te blink (Heb. 11). "Ons is heeltemal te geloofloos en te eng in ons uitkyk. Gideon se weermag het die oorhand gekry, nie as gevolg van hulle getalle nie, maar omdat hulle geloof geleef het, het hulle die spesiale aanwysings van God gevolg." - *Gospel Workers* (1892), p. 297. En so, kan ons ook by die lys van God se getroues aansluit. "Deur ons vertrouwe in God te stel, moet ons vasberade voorwaarts beweeg. Ons moet Sy werk met onselfsugtigheid, in nederige afhanklikheid doen. Onself, en alles wat ons huidige en toekoms betref, aan Sy voorsiening toewy. Die begin van ons vertrouwe tot die einde vashou en onthou dat ons die seëninge van die hemel ontvang, nie as gevolg van ons verdienstelikheid nie, maar as gevolg van Christus se verdienste en ons aanvaarding, deur geloof in Hom, van God se oorvloedige genade." - *God's Amazing Grace*, p. 38.

5. Die helm van verlossing

Die hoof benodig spesiale beskerming gedurende oorlog, omdat die wil en die intelligensie daaruit voortkom. Die helm is ontwerp, sodat die liggaam behoorlik kan funksioneer.

Paulus suggereer in 1 Thess. 5:8 dat die helm **die hoop op die saligheid** is. Hoop is 'n primêre motiveerder van die mensdom. Dit is hoop wat help om ons tot getrouheid te motiveer soos ons op die Tweede Koms wag. *Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenswoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus.* - Titus 2: 11-13.

6. Die swaard van die Gees

Die swaard word sowel om aan te val as om te verdedig gebruik. In die gedeelte in Efesiërs word die swaard as die Woord van God gedefinieer. Die Bybel is ons aanvalswaapen in die stryd teen Satan en sy bose geeste. Dit is ons aanvalswaapen soos ons die evangelie na elke persoon op aarde neem. En dit word ons verdedigingswaapen om ons teen die aanvalle van Satan te beskerm. Omdat al agt die stukke waapenrusting noodsaaklik is, word ons aangemoedig om die "volle waapenrusting" van God aan te trek. Maar so baie raad betreffende hierdie element van ons waapenrusting is gegee dat dit die belangrikste blyk te wees. Ons word byvoorbeeld gewaarsku: "Die volk van God word na die Skrifte as hulle beskerming teen die invloed van vals leermeesters en die misleidende krag van geeste van die duisternis verwys. Satan gebruik elke moontlike middel om mense te verhoed om kennis van die Bybel te bekom, want die Bybel se duidelike uitsprake openbaar sy misleidings. By elke herlewing van God se werk word die prins van duisternis tot intenser aktiwiteit aangespoor. Hy span nou sy uiterste pogings in vir 'n finale stryd teen Christus en Sy volgelinge. Die laaste groot misleiding sal binnekort voor ons oopgaan. Die Antichris gaan sy wonderbaarlike werke voor ons oë doen. So naby sal die vervalsing na die ware lyk dat dit onmoontlik sal wees om tussen hulle te onderskei, behalwe deur die heilige Skrifte. Elke verklaring en elke wonderwerk moet aan die getuienis van die Bybel getoets word." - *The Great Controversy*, p. 593.

Die verstand en die siel word opgebou deur dit waarop dit voed en dit berus by ons om te bepaal waarmee dit gevoed word. Van elke mens wat bevoorreg is om toegang tot die Skrifte te hê sê God: **Ek het hom tienduisende leringe van my wet voorgeskrywe.** Hosea 8:12. **Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.** - Jer. 33:3.

Diegene wat tyd in die Woord van God spandeer, sal die stem van God herken. As ons regtig wil weet wat die waarheid is soos ons die Woord van God ondersoek, moet ons met 'n oop en ontvanklike verstand lees. Ons verlossing hang van 'n kennis van die waarheid soos in die Skrifte vervat af. Dit is God se wil dat ons dit sal besit. Open jou verstand en hart, sodat jy wonderbaarlike dinge uit God se Woord mag aanskou.

7. Bid by elke geleentheid

"Ons hemelse Vader wag om die volheid van Sy seëninge op ons uit te stort. Dit is ons voorreg om diep te drink uit die fontein van Sy oneindige liefde. Hoe verbasend dat ons so min bid! God is bereid en gewillig om die opregte gebed van die nederigste van Sy kinders te verhoor en tog is daar so 'n traagheid van ons kant om ons behoeftes aan Hom bekend te maak. Wat moet die engele van die hemel dink van arme, hulpelose mensekinders wat blootgestel is aan versoeking en tog so min bid en so min geloof het, terwyl die hart van God, vol oneindige liefde, verlang na hulle en bereid is om aan hulle te gee meer as wat hulle ooit kan bid of dink? Die engele skep behae daarin om hulle voor God neer te buig; hulle wil graag naby Hom wees. Hulle beskou gemeenskap met God as hulle hoogste genot; en nogtans skyn dit asof die kinders van die aarde wat die hulp, wat net van God kan kom, so nodig het, tevrede is om sonder die lig van Sy Gees en die gemeenskap van Sy teenwoordigheid te wandel.

Die duisternis van die Bose bedek diegene wat nalaat om te bid. Die influistering van die vyand verlei hulle tot sonde; en dit net omdat hulle nie gebruik maak van die voorregte wat God hulle deur gebed wil skenk nie. Waarom moet die seuns en dogters van God traag wees om te bid, terwyl gebed die sleutel in die hand van die gelowige is wat die skatkamers van die hemel oopsluit, waar die onbepaalde rykdom van die Almagtige gebêre is? Sonder gedurige gebed en waaksaamheid loop ons gevaar om agterlosig te word en van die regte pad af te dwaal. Die teenstander is

gedurig daarop uit om die weg tot die genadetroon te versper, sodat ons nie deur vurige gebed en geloof genade en krag kan ontvang om versoeking te weerstaan nie." - *Skrede na Christus* . pp. 81, 82.

Daar is sekere voorwaardes waarvolgens ons kan verwag dat God ons gebede sal verhoor:

1. Ons moet ons behoefte aan Sy hulp besef.
2. Ons moet sonde uit ons lewens verban.
3. Ons moet geloof hê dat God kan doen wat Hy sê Hy kan doen.
4. Ons moet 'n gees van liefde en vergifnis in ons eie harte hê.
5. Ons moet volhardend in ons versoeke wees.
6. Ons moet helder/duidelike beskouings van Jesus en ewige realiteite hê.
7. Ons moet in die naam van Jesus bid.- *Skrede na Christus*, pp. 82-90.

8. Waak met alle volharding

Om waaksaam te wees beteken om wakker en oplettend te wees. In die Evangelies bemoedig Jesus Sy volgelinge om vir twee primêre redes te waak. Waak, sê HY, dat jy vir die Tweede Koms gereed sal wees; en waak sodat jy nie in versoeking kom nie. *Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.* - Luk. 21:34-36.

Ons word aangesê om vir "tekens" van die Tweede Koms te waak, sodat ons kan weet wanneer dit naby is. In die Bybel is "tekens" en "wonders" dikwels beskou as bonatuurlike gebeure wat aandui dat God aan die werk is.

Die wapenrusting van God is vir elkeen beskikbaar. Ons kan in die worstelinge en strydsperke van die lewe suksesvol wees slegs as ons die wapenrusting gebruik. Mag God ons help om vir die erns van hierdie belangrike aanbod wakker te word.

3. G. Edward Reid: *Battle of the Spirits*, pp. 207-226.

DIE KERK OORWINNEND 4*

Eendag sal alles verby wees. Die laaste preek sal gegee wees. Die laaste evangelisasiebyeenkoms gehou. Die laaste Bybelstudie gedeel. Die laaste karakter ontwikkel. Die genadedeur sal sluit en almal sal 'n besluit vir of teen om deel van die koninkryk van God te wees geneem het. Johannes het 'n groot groep, wat die eersgenoemde groep teen die einde van die tyd insluit, gesien en selfs gehoor. Hy sê: *En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou [die Kerk] het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink, fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.- Openb. 19:6-8.*

Ten spyte van wat ons nou hier sien, kan ons deur die oog van die geloof sien dat 'n beter wêreld binnekort kom. "Nou is die Kerk strydend. Nou word ons met 'n wêreld in duisternis gekonfronteer - bykans geheel en al aan afgodediens oorgegee. Maar die dag is aan die kom wanneer die stryd verby sal wees, die oorwinning verkry. Die wil van God moet op die aarde soos in die hemel geskied. Die nasies van die gereddes sal geen ander wet as die wet van die hemel ken nie. Almal sal 'n gelukkige, verenigde familie, geklee met die kleed van lofprysing en danksegging - die kleed van Christus se geregtigheid - wees. Die natuur, in sy onoortreflike lieflikheid,

sal aan God 'n huldeblyk van lofprijsing en bewondering bied. Die wêreld sal in die lig van die hemel gebaaï wees. Die lig van die maan sal soos die lig van die son wees en die lig van die son sal sewevoudig helderder wees as nou. Die jare sal in blydskap verbygaan. Oor dié toneel sal die môresterre saamsing en die seuns/dogters van God sal van blydskap sing, terwyl God en Christus verenig om te verklaar: Daar sal geen sonde meer wees nie, ook sal daar geen dood meer wees nie." - *The Ministry of Healing*. p. 504.

Almal wat deel van die Kerk oorwinnend is, sal self individueel oorwinnend wees. So wat is vir 'n individuele oorwinning nodig?

1. *Ontwikkel en behou geloof in God. En dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.* - 1 Joh. 5:4.
2. *Hou jou oog op die prys. Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.* - Fil. 3:14.
3. *Gebed en kameraadskap met God. En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.* - Matt. 21:22.
4. *God se genade en ons poging.* Ons is uit onself nie in staat om die regte koers te volg nie. Dit is slegs die genade van God, met ons mees vasberade pogings gekombineer, wat ons die oorwinning kan behaal.
5. *Neem 'n besluit om oorwinnend te wees.* Die oorwinning kan behaal word, want niks is by God onmoontlik nie. Deur Sy instaatstellende genade kan alle slegte humeure, alle menslike verdorwenheid oorwin word. Jy kan as jy wil in die naam van Christus 'n oorwinnaar wees.
6. *Wy alles aan God toe. Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daarvoor gaan hy en verkoop alles wat hy het en koop daardie saailand.* - Matt. 13:44.

7. *Wees gewillig om te ly. En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.* - 2 Tim. 3:12.
8. *Verenig Goddelike krag met jou poging.* Dit is nie ons hemelse Vader se doel om ons te red sonder 'n poging van ons kant om met Jesus saam te werk nie. Ons moet ons deel doen en Goddelike krag, met ons krag verenig, sal die oorwinning bring.
9. *Wees gewillig en gehoorsaam. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet.* - Jes. 1:19.
10. *Weerstaan die duiwel. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.* - Jak. 4:7. Satan sidder en vlug voor die swakste siel wat in daardie magtige Naam skuiling soek.

Daar is geen verborge misterie tot die verkryging van ons oorwinning nie. En ja, daar sal 'n groot menigte wees wat oorwinnend is. Natuurlik sal dit min in verhouding tot die biljoene, wat op die aarde geleef het, wees. Maar, deur die genade van God, sal die oorwinnaars einde ten laaste op die see van glas staan. Daardie dag kan nie meer ver wees nie.

'n Menigte in die wêreld aanskou hierdie spel van die lewe - die Christen se stryd. En dit is nie al nie. Die Monarg van die heelal en die ontelbare hemelse engele is toeskouers van hierdie wedloop; hulle wag gretig om te sien wie sal suksesvolle oorwinnaars wees en die kroon van heerlikheid, wat nie verwelk of verflou nie, verkry. Met intense belangstelling let God en die hemelse engele op die selfverloëning, die selfopoffering en die folterende pogings van hulle wat hul verbind om die Christelike wedloop te hardloop en te wen.

4. G. Edward Reid: *Battle of the Spirits*, pp. 239-241.

IN GOD SE WEERMAG

Histories was oorloë meestal deur jongmense met ouer, verstandiger en meer ervare offisiere geveg. In sommige moderne weermagte is vrouens ook aktief in baie hoedanighede betrokke. Maar enigeen wat 'n Christen is, is in God se weermag en moet met Sy wapenrusting toegerus wees. Daar is 'n plek vir manne, vroue en jongmense! "Die gevalle wêreld is die slagveld vir die grootste konflik wat die hemelse heelal en aardse magte ooit aanskou het. Dit was as 'n teater bestem waarop die grootste stryd tussen goed en kwaad, hemel en hel uitgewoed sou word. Elke mens speel 'n rol in hierdie konflik. Niemand kan op neutrale grond staan nie. Mense moet òf die wêreld se Verlosser aanvaar òf verwerp. Almal is getuies òf vir òf teen Christus. Christus roep diegene wat onder Sy banier staan om met Hom in die konflik as Sy getroue krygers betrokke te raak, sodat hulle die kroon van die lewe mag ontvang." - *God's Amazing Grace*, p. 36.

As Christene is ons almal in God se weermag en het almal 'n posisie om op hierdie aarde te vul net so seker as wat daar 'n plek vir ons in die hemel is. Ons is nie almal offisiere nie, maar die rol van elke kryger is vir sukses van die allergrootste belang.

Ellen White sê: Die Kerk van Christus kan gepas met 'n weermag vergelyk word. Die lewe van elke kryger is een van swoeg, teenspoed en gevaar. Aan alle kante is waaksame vyande gelei deur die prins van die magte van die duisternis wat nooit slaap en nooit sy pos verlaat nie. Wanneer ook al 'n Christen nie op sy hoede is nie, maak hierdie magtige teenstander 'n skielike en gewelddadige aanval. Tensy die lidmate van die Kerk aktief en waaksam is, sal hulle deur sy planne oorwin word.

Daar is ernstige werk wat deur elke kryger gedoen moet word as ons die goeie geveg van geloof wil veg en wen. Ewige belange is op die spel. Ons moet die hele wapenrusting van God aantrek; ons moet die duiwel

teenstaan en ons het die seker belofte dat hy op die vlug sal slaan. Die Kerk moet 'n aggressiewe oorlogvoering lei om oorwinnings vir Christus te maak en om siele uit die mag van die vyand te red. God en heilige engele is by hierdie oorlogvoering betrokke. Laat ons Hom wat ons geroep het om krygers te wees behaag.

1 Johannes 2:14 sê: Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.

Hierdie groot stryd oor die siele van mense is dodelik ernstig en sal uiteindelik die ewige gevolge van elke lewe bepaal. Maar die goeie nuus is dat wanneer dit alles verby is, sal daar nooit meer sonde, hartseer, pyn of dood wees nie. As Christen-krygers is dit vertroostend om te besef en te visualiseer dat ons nie slegs marsjeer nie - ons marsjeer na Sion! [die nuwe Jerusalem]. En Jesus was alreeds oor die pad waarop ons nou marsjeer.

Hy ken die krag van versoeking. Hy het beloof om ons deur die gevaarlike plekke te lei. "Die volgeling van Jesus moet met bonatuurlike magte worstel, maar hulle is van bonatuurlike hulp verseker. Al die magte van die hemel is in hierdie weermag. En meer as engele is in die geledere. Die Heilige Gees, die verteenwoordiger van die Here van die leërskare, is hier om die stryd aan te voer. Ons swakhede mag baie wees, ons sondes en foute smartlik, maar die genade van God is vir almal wat dit in nederigheid soek. Die krag van die Almagtige is vir elkeen wat op God vertrou, beskikbaar." - *The Desire of Ages*, p. 352.

Die kerk/gemeente van Laodicéa [kerk onder oordeel], die laaste Kerk aan wie Johannes in Openbaring skryf, het haar toepassing op die oorblyfsel Kerk van God in hierdie laaste tye van die aarde se geskiedenis. Die opdrag/versoek wat aan die Laodicense gerig was, word nou tot die oorblyfsel Kerk gerig: **Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou**

kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kan sien. - Openb. 3:18.

Daar is, volgens bogenoemde teks, drie krities belangrike sake waarvan elkeen moet seker wees in hierdie eindtyd waarin ons leef:

1. **Goud wat deur vuur gelouter is.** Egte geloof in Jesus Christus (1 Petrus 1:7).
2. **Wit klere** Die kled van Christus se geregtigheid (Matt. 22:12; 2 Kor. 5:3).
3. **Self om jou oë te self.** Vervul met die Heilige Gees (Hand. 10:38).

Gevaarlike tye lê vir ons voor. Elkeen wat 'n kennis van die waarheid het, behoort wakker te skrik en homself/haarself, liggaam, siel en gees onder die dissipline van God te plaas. Die vyand is op ons spoor. Ons moet wawydwakker, op ons hoede vir hom wees. **Die Satan moet nie die oorhand oor ons kry nie. Ons ken sy planne maar al te goed.** - 2 Kor. 2:11. Ons moet die volle wapenrusting van God aantrek. Ons moet die waarheid vir hierdie tyd liefhê en gehoorsaam. Dit sal ons verhoed om sterk misleidings te aanvaar. God praat met ons deur Sy Woord. Ons behoort ag te slaan op die waarskuwings wat gegee is. As ons hulle veronagsaam, watter verskoning kan ons aanbied?

Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar! - Jesaja 26:2.

Sewe stappe na oorwinning

1. Plaas God se eer eerste. Dawid het God se eer eerste gestel.
2. Moenie op die onmoontlike fokus nie - fokus op Jesus. Ons wandel deur geloof, nie deur aanskoue nie. God sal die onmoontlike deur jou moontlik maak.
3. Onthou altyd die stryd behoort aan die Here. In Eksodus 14:14 staan: **Die Here sal vir julle stry.** Kom in die Naam van die Here.

Dawid sê vir Goliat: **Ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskaer.** - 1 Sam. 17:45.

4. Bly in God se wil. Wees waar God jou wil hê. Vra die Here hierna.
5. Wag op God se tydsberekening.
6. Neem 'n mate van risiko.
7. Eerlike gebed. Bid die beloftes in God se Woord vir jouself en andere - eien dit toe.

Die Kerk militant [aanvallend] is die Kerk oorwinnend. Die ware Christene moet militant (maar met liefde) wees om oorwinnend te kan wees!

Hierdie stryd is die voortsetting van dit wat reeds in die Paradys begin het. Dit is ook die stryd waarin ons vandag gewikkel is. 1 Joh. 4:3 sê: **Die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.** 1 Joh. 4:4 sê ware Christene moet elke vorm van die Antichris oorwin.

Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woninge, dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydschap en U kan loof met die siter, o God, my God! - Psalm 43: 3-4

*AANWYSINGS VIR DIE JEUG 5**

Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. - Spreuke 3:6.

Daar word groot dinge van die seuns en dogters van God verwag. Ek kyk na die jeug van vandag en my hart verlang na hulle. Watter moontlikhede is daar vir hulle oop! As hulle ernstig soek om van Christus te leer, sal Hy hulle wysheid gee soos Hy aan Daniël wysheid gegee het. Hulle kan aanwysings van Hom, wat magtig in raadgewing is, verkry. **Wysheid begin met die dien van die Here.** - Psalm 110:10. Die skrywer van die psalms

sê: **Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is.** - Psalm 119:130. En die wyse man sê: **Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.** - Spreuke 3:6.

Laat die jeug probeer om die voorreg wat hulle s'n kan wees te waardeer om deur die onfeilbare wysheid van God gelei te word. Laat hulle die Woord van waarheid as hulle raadgewer neem en vaardig word in die gebruik van **die swaard van die Gees**. Satan is 'n verstandige generaal, maar die nederige en toegewyde soldaat van Jesus Christus kan hom oorwin. Daar word van die oorwinnaars geskryf, dat **hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het.** - Openbaring 12:11.

Ons moet nie op die eie-ek vertrou nie. Ons beperkte krag is slegs swakheid. Jesus sê: **Sonder My kan julle niks doen nie,** maar Hy belowe: **As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê en julle sal dit kry.** - Johannes 15:5,7.

Dit word as 'n groot eer beskou om in die teenwoordigheid van 'n aardse koning uitgenooi te word. Maar laat ons die buitengewone voorreg oorweeg wat ons aangebied word. As ons die voorwaardes van God gehoorsaam, kan ons die seuns en dogters van die Koning van die heelal word. Deur 'n gekruisigde en opgestane Verlosser, kan ons met die vrugte van geregtigheid vervul word en geskik gemaak word om in die voorhove van die Koning van die konings deur eidelose eeue te skyn. Ons werk is om die intiemste eenwording met die Seun van God te soek, om in Sy skool onderrig te word, om sagmoedig en nederig van hart te word, om die werke van Christus te doen, Sy koninkryk te bevorder en Sy koms te verhaas. - *Review and Herald*, 28 Feb. 1888.

5. *Geneem uit Ye Shall Receive Power.* - Ellen White, p. 249.

SOLDATE VIR CHRISTUS 6*

rek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die Woord van God. - Efesiërs 6:13-17.

Soldate in 'n geveg betrokke moet moeilikhede en swaarkry tegemoetgaan. Growwe voedsel word aan hulle gegee en dit dikwels in beperkte hoeveelhede. Hulle moet ver marsjeer, dag na dag, oor ruwe paaie en onder die skroeiende son, kampeer gedurende die nag, slaap op die harde grond met slegs die koepel van die hemel as beskutting, blootgestel aan stortbuie reën en koue nagte, honger, flou word, uitgeput en staan as 'n teiken vir die vyand in dodelike skermutseling. So leer hulle wat swaarkry beteken. Van hulle wat in Christus se weermag aansluit, word ook verwag om moeilike werk te doen en om moeilike beproewinge geduldig vir Christus se saak te verduur. Maar hulle wat met Hom ly, sal ook saam met Hom regeer.

Wie van ons dan het die dienspilig aanvaar om die geriewe van die lewe te verwag, om van diens te wees soos ons wil, die soldaat se wapenrusting uittrek en die siviele klere aantrek, slaap op die wagpos en so die saak van die Here aan oneer en skande blootstel? Diegene wat gemak en gerief liefhet, sal nie selfverloëning en geduldige volharding beoefen nie en wanneer mense benodig word om kragtige houe vir God te slaan, is hulle nie gereed om te antwoord, "Hier is ek, stuur my!" nie. Harde en uitputtende werk moet gedoen word, maar geseënd is hulle wat gereed is

om dit te doen wanneer hulle name uitgeroep word. God sal nie mans en vrouens in die toekomstige wêreld beloon, omdat hulle gemaklik en gerieflik in hierdie een wou wees nie.

Ons is nou op die slagveld. Daar is geen tyd vir rus, geen tyd vir gemak, geen tyd vir gemaksug nie. Nadat een oorwinning behaal is, moet jy die stryd verder voer; jy moet seëvierend voortgaan om te oorwin, nuwe krag vir nuwe probleme kry. Deur Goddelike krag sal jy bewys dat jy meer as 'n gelyke vir jou vyand is. - *Signs of the Times*, 7 Sept. 1891.

6. *Geneem uit Ye Shall Receive Power.* - Ellen White, p. 345.

ELKE OORWINNING MAAK DIE VOLGENDE MAKLIKER 7*

aar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. - Rom. 8:37.

Die werk is voor jou om die oorblywende deel van jou lewe deur hervorming en veredeling van die karakter te verbeter. 'n Nuwe lewe begin in die siel wat vernuwe is. Christus is die inwonende Verlosser. Dit wat as moeilik beskou was om prys te gee moet oorgegee word. Die dominerende, baasspelerige woorde moet ongesê bly, dan sal 'n kosbare oorwinning behaal word.

Ware geluk sal die resultaat van elke selfverloëning, elke kruisiging van die eie-ek wees. Een oorwinning behaal, die volgende een word makliker behaal. As Moses die geleenthede en die voorregte, wat God hom geskenk het, onbenut laat verbygaan het, sou hy die lig van die hemel verontagsaam het en sou hy 'n teleurgestelde, miserabele man wees. Sonde is van benede en wanneer daaraan toegegee word, is Satan in die siel vasgelê om daar die vure van die hel te laat ontvlam. God het nie Sy wet gegee om die verlossing van siele te verhoed nie, maar Hy wil dat almal gered word. Die mens het lig en geleenthede en as hy dit wil aangryp, kan hy oorwin. Jy

kan deur jou lewe die krag van die genade van God om te oorwin tentoonstel.

Satan probeer om sy troon in die sieletempel op te rig. Wanneer hy regeer maak hy homself hoorbaar en voelbaar in ontstoke drifte, in woorde van bitterheid wat bedroef en seermaak, maar soos lig geen verbondenheid met duisternis en Christus geen eenheid met Belial het nie, moet die mens volkome vir die een of die ander wees. Deur aan gemaksug, gierigheid, misleiding, bedrog of enige soort sonde toe te gee, bevorder hy die beginsels van Satan in sy siel en sluit die deur van die hemel na homself toe. As gevolg van sonde was Satan uit die hemel gewerp en geen mens, wat aan sonde toegee en dit aanwakker of aanmoedig, kan hemel toe gaan nie, want dan sou Satan weer 'n vastrapplek daar hê.

Wanneer 'n mens dag na dag ernstig betrokke is in die oorwinning van gebreke in sy karakter, koester hy Christus in sy sieletempel; die lig van Christus is in hom. Onder die helder strale van Christus se gelaat word sy hele wese opgehef en veredel. - *Testimonies for the Church*, vol. 4, pp. 345, 346.

7. *Geneem uit Ye Shall Receive Power.* - Ellen White, p. 354.

OORWINNING DEUR CHRISTUS 8*

Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur Sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was te bevry. - Hebreërs 2: 14,15.

Die val van die mens het die hemel met hartseer vervul en die hart van Jesus was met oneindige medelye ontroer vir die verlore-gaande wêreld, die ras wat tot 'n val gebring was. Hy het die mens aanskou wat in sonde en ellende gedompel was en geweet dat die mens nie die morele krag het om in sy eie belang die krag van sy altyd-waaksame-vyand te oorwin nie. In Goddelike liefde en jammerte het Hy na die aarde gekom om ons stryd vir ons te voer, want Hy alleen kan die teenstander oorwin. Hy het gekom om die mens met God te versoen, om Goddelike sterkte aan die berouvolle siel te skenk en van die krip tot Golgota die pad te stap wat die mens sou stap. Om met elke tree aan die mens 'n perfekte voorbeeld te gee van wat hy moet doen. Om in Sy karakter uit te beeld wat die mensdom kan word wanneer hulle met die godheid versoen is.

Maar baie sê dat Jesus nie soos ons was nie, dat Hy nie soos ons in die wêreld was nie, dat Hy Goddelik was en daarom kan ons nie oorwin soos Hy oorwin het nie. Maar dit is nie waar nie. **Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham.... Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.** - Hebreërs 2:16-18. Christus ken die sondaar se beproewinge; Hy ken sy versoekings. Hy het ons natuur [geaardheid] op Homself aangeneem; Hy was in alle opsigte soos ons versoek. Hy het geween, Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het (vgl. Jesaja 53:3).

As 'n mens het Hy op die aarde geleef. As 'n mens het Hy na die hemel opgevaar. As 'n mens is Hy die plaasvervanger van die mensdom. As 'n mens lewe Hy om vir ons intersessie te doen. As 'n mens sal Hy weer met koninklike krag en heerlikheid kom om hulle wat Hom liefhet te ontvang en vir wie Hy nou 'n plek voorberei. Ons moet juig en dankie sê dat **God 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het.** - Handeling 17:31. (8: Ibid. p. 368).

DIE BELONING VIR DIE WENNER VAN SIELE

Wanneer die verlostes voor God staan, sal kosbare siele reageer op hulle name wat daar is as gevolg van die getroue, geduldige pogings ter wille van hulle aangewend, die dringende versoeke en ernstige oorrerings om na die Vesting te vlug. Sodoende sal diegene wat in hierdie wêreld arbeiders saam met God was hulle beloning ontvang. - *Testimonies*, vol. 8, 196, 197 (1904).

Wanneer die poorte van daardie pragtige stad in die hemel op hulle glinsterende skarniere oopgeswaai word en die nasies, wat die geloof bewaar het, sal binnekom, sal krone van heerlikheid op hulle hoofde geplaas word en hulle sal eer en heerlikheid en majesteit aan God toeskryf. Teen daardie tyd sal sommige na jou toe kom en sê: "As dit nie was vir die woorde wat jy in vriendelikheid tot my gespreek het nie, as dit nie vir jou tranes en smeking en ernstige pogings was nie, sou ek nooit die Koning in Sy prag gesien het nie." Wat 'n beloning is hierdie! Hoe onbelangrik is die lof van mense in hierdie aardse, kortstondige lewe in vergelyking met die ewige belonings wat op die getroues in die toekoms wag - onsterflike lewe! - *Worlds of Encouragement to Self-supporting Workers* (ph 113) 16 (1909).

My Uiterste vir Sy Hoogste: ".....my vurige verlange..... dat ek niks sal doen waarvoor ek my sal hoef te skaam nie....." Ons sal almal baie skaam voel as ons nie aan Jesus dié areas van ons lewens oorgee wat Hy ons gevra het om aan Hom oor te gee nie. Dit is asof Paulus sê: "My gedetermineerde doel is om my uiterste vir Sy hoogste te wees - my beste tot Sy eer."

Wat verhinder jou om ten volle deel te wees van die krygsmag waarvan Migael, die militêre Naam van Jesus Christus, die Opperbevelhebber is?

VOORWAARTS CHRISTENSTRYDERS

Voorwaarts, Christenstryders! Voorwaarts na die stryd! Volg die kruis van Jesus tot die dood bereid. Christus sal ons aanvoer teen die hel se mag, laat Sy vaandel wapper in oorwinningsprag!

Refrein:

Voorwaarts, Christenstryders, voorwaarts na die stryd! Volg die kruis van Jesus, tot die dood bereid.

Voor die groot Oorwinnaar sal die bese vlug; voorwaarts, Christenstryders, moedig en gedug! Al die fundamente van die hel sal sink as ons lied van sege deur die skepping klink!

Soos 'n leërskare trek die kerk van God; broeders, ons betree nou weë van ons God. Ons is nie verdeel nie; Christus bind ons saam, een in hoop en liefde vir Sy grote Naam.

Reuse wêreldryke het verbygegaan, maar die kerk van Jesus bly vir ewig staan. Al die donker magte woed met helse haat, maar ons sal, onwrikbaar, ons op God verlaat!

Voorwaarts, alle volke, sluit nou by ons aan; hef met ons die skone segesange aan. Bring aan onse Koning hulle, lof en eer! So loof mens en engel Hom die eeue deur.

- *Sabine Baring-Gould*